
# Onderwysgids

## *Absoluut Einstein*

### Christien Neser

### Tafelberg, 2020

**LET WEL:** Alle bladsynommers verwys na die eerste uitgawe van die roman *Absoluut Einstein* (Tafelberg, 2020)




Hierdie gids is as hulpmiddel in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met **Graad 8 of 9 Huistaal** as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit.

Hierdie gids is saamgestel deur **Dewald Koen, Fakulteit Opvoedkunde, Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth**

**Kopiereg: © Tafelberg, 2020. ’n Druknaam van NB Uitgewers**

# INHOUDSOPGAWE

| INHOUD | BLADSY |
|---|---|


Benaderings tot die onderrig van letterkunde…………………………… 3
Afdeling A: Pre-lees (Ontleed en bespreek die voorplat)……………… 4
Oorsig van *Amper Einstein* (2013)………………………………………… 5
Outisme……………………………………………………………………… 6-7
Biografie van die skrywer………………………………………………… 8
Die verhaal in 'n neutedop………………………………………………… 9-10
Literêre begrippe: Verteller……………………………………………….. 11
Literêre begrippe: Verteltyd versus vertelde tyd………………………… 12
Literêre begrippe: Ruimte en Plek………………………………………… 13
Literêre begrippe: Intrige en Temas……………………………………….. 13
Literêre begrippe: Botsings of Konflik…………………………………… 14
Karakterisering……………………………………………………………… 15
Karaktersketse……………………………………………………………… 16-18
Afdeling B: Lees…………………………………………………………….. 19
Afdelng C: Post-lees……………………………………………………….. 20
Kontekstuele vrae & Opsommings (Hoofstuk 1-29)…………………….. 21-46
Memoranda (Hoofstuk 1-29)………………………………………………… 47-62
Literêre opstelvrae (Vir VOO-fase)………………………………………… 63
Literêre opstelvrae: Memoranda…………………………………………… 64-67
Woordverklarings…………………………………………………………… 68-69
Aktiwiteite vir verryking (Mondeling, Skryftake & Lees)……………….. 70
Literêre glossarium………………………………………………………… 71-73
Bronnelys…………………………………………………………………….. 74




Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## BENADERINGS TOT DIE ONDERRIG VAN LETTERKUNDE

Die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir **Afrikaans Huistaal** (**Senior fase, Graad 7-9**) beklemtoon die belangrikheid vir die lees van letterkunde in die klaskamer. Volgens die KABV (2011:10) moet die lees van letterkunde in die klaskamer by leerders "'n sensitiwiteit wek vir taal wat meer verfyn, letterkundig, figuurlik, simbolies en betekenisvol gebruik [kan] word".

Alhoewel die onderrig van letterkunde (drama, prosa en poësie) nie altyd maklik is nie, is dit **belangrik dat leerders by die onderrigproses betrek moet word om hul kommentaar en interpretasie van die teks of gedig met ander te deel**. Onderwysers moet ook daarteen waak om nie hul eie vooroordele, interpretasie en idees oor 'n literêre teks op leerders af te dwing nie, maar eerder 'n gesonde en gebalanseerde debat oor letterkunde in die klaskamer bevorder. Dit is belangrik om kennis te neem van die feit dat interpretasie van 'n teks of gedig nie gaan oor wat reg of verkeerd is nie, maar oor wat binne die konteks van die literêre teks vir die leerder betekenisvol is (KABV, 2011:10).

Hier volg 'n paar wenke vir die beste benadering tot die onderrig van letterkunde soos in die KABV (2011:10) uiteengesit:

- Lees soveel as moontlik van die teks sonder enige onderbreking in die klas. Leerders wat die teks sonder ondersteuning kan lees, moet aangemoedig word om dit te doen.

- Die klem is nie op gevorderde literêre interpretasie nie, maar om aan leerders te wys hoe hulle huistaal subtiel, intelligent, verbeeldingryk en vindingryk gebruik kan word.

- Kreatiewe skryfwerk moet nou aansluit by die studie van enige literêre teks. Klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei is baie waardevol.

- Moenie slegs fokus op die onderrig van 'die regte antwoord' nie, maar fokus op die interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing asook die ondersoek van die literêre teks.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers


## AFDELING A: PRE-LEES


"Pre-lees stel die leerders aan die teks bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis" (KABV, 2011:27).

- Vluglees en soeklees tekskenmerke.
- Vluglees en soeklees dele van die boek.
- Maak voorspellings gebaseer op die inligting wat uit vluglees en soeklees verkry is.
- Hanteer belangrike woordeskat wat vir leerders onbekend mag wees.

### ONTLEED EN BESPREEK DIE VOORPLAT VAN DIE ROMAN

**Let wel: Die volledige analise van die voorplat sal eers tydens die post-leesfase voltooi kan word.**




Onderwysers mag dit nuttig vind om Christien Neser se *Amper Einstein* wat in 2013 verskyn het te lees. Laasgenoemde roman bied 'n interessante agtergrond tot *Absoluut Einstein* en word ook vanuit 'n ander vertelperspektief aangebied. 'n Wenk sal wees om die roman as verryking aan die graad 8 of 9-klas hardop voor te lees. Daar kan weekliks tyd hiervoor opsy gesit word. Dit mag leerders se nuuskierigheid prikkel en verdere belangstelling in hul voorgeskrewe roman bevorder.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## OORSIG VAN *AMPER EINSTEIN* (2013)

*Amper Einstein* (2013) fokus op Leonard Steinman (Micha se ouer broer) en watter uitdagings hy en sy ouers daagliks moet trotseer om ’n outistiese broer en seun (Micha) groot te maak. Leonard is begaafd en blink veral uit in die wiskundeklas. Hy is ’n lid van die skool se brugbouspan en gaan aan ’n kompetisie deelneem waarin die wenner die sterkste brug moet bou. Leonard se pa is verlam weens ’n motorfietsongeluk en die gesin sukkel om finansieel kop bo water te hou. Na ’n besoek aan ’n neuroloog word Micha amptelik as outisties gediagnoseer. Hy is egter hoogs funksionerend en Leonard moet die nuus aan sy pa oordra. Sy pa het dit egter reeds lankal vermoed.

Intussen moet Micha na ’n nuwe kleuterskool toe gaan omdat talle ander kleuterskole hom uitgeskop het weens sy gedrag en die onderwysers se gebrek aan kennis van kinders op die outisme-spektrum. Reeds op sy eerste dag by die nuwe kleuterskool veroorsaak Micha moeilikheid in die klaskamer. Gelukkig is sy onderwyser simpatiekgesind teenoor Micha en slaag sy daarin om hom geleidelik sover te kry om die klasreëls na te kom.

Leonard probeer met behulp van sy vriende die geskikte bouplan formuleer om die sterkste brug te bou. Deur ’n sameloop van gebeure slaag die span daarin om die sterkste brug te bou en die brugboukompetisie te wen as gevolg van Micha se insiggewende bydraes en belangstelling in byekorwe. Aan die einde van die roman vind Leonard uit dat die gesogte Esselenbeurs aan hom toegeken is. Ten spyte van die talle uitdagings wat Leonard reeds as tienerseun in die gesig moet staar, is daar tog positiewe gebeure in sy lewe.

Neser se roman bied aan die leser ’n intieme blik op die lewe van ’n gesin met ’n outistiese kind en hoe hulle daaglikse roetine daardeur geaffekteer word. Die leser sal vanuit ’n opvoedkundige perspektief baie oor outisme leer. In die roman word die hegte band tussen Leonard en Micha vooropgestel wat in *Absoluut Einstein* (2020) weer aan bod kom. Alhoewel dit nie nodig is om agtergrondkennis van *Amper Einstein* te hê voordat *Absoluut Einstein* gelees word nie, is dit tog die moeite werd om kennis te dra van die roman. Soos Leonard in Amper Einstein opmerk: “So nou is daar twee Einsteins in die Steinman-familie” (2013:41).



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

## WAT IS OUTISME?

Daar is heelwat inligting oor outisme op die internet beskikbaar asook ’n groot verskeidenheid boeke oor die onderwerp. In *Amper Einstein* (2013:141-142) verskyn ’n bondige opsomming onder die titel: “**Wat is outisme?**”

- Die outisme-spektrum omsluit ’n breë groep van komplekse afwykings tydens breinontwikkeling.
- Kenmerke sluit in: ontoereikende sosiale interaksie, afwykende of vreemde kommunikasie (verbaal sowel as nie-verbaal) en herhalende of rigiede gedragspatrone.
- Intellek van kinders op die outisme-spektrum wissel. Heelwat is intellektueel gestrem, maar ander is begaafd in vakgebiede soos feitelike geheue, visuele vaardighede, musiek, kuns en wiskunde.
- Gediagnoseerde gevalle styg egter jaarliks met tussen 10%-17% in die VSA.
- Tans word beweer dat 1 uit elke 88 babas wat in die VSA gebore word, op die spektrum gediagnoseer sal word.
- Volgens die Amerikaanse Centers for Disease Control “is een uit elke 59 lewende geboortes in die VSA ’n kind op die outismespektrum” (Neser, 2020b:165).
- Vroeë diagnose en behandeling is baie belangrik.
- Diagnose en behandeling kan deur ’n pediater, neuro-pediater of kinderpsigiater geskied.
- Suid-Afrika het ’n outisme-vereniging wat meer inligting aan ouers en voogde beskikbaar kan stel. (www.autismsouthafrica.org)
- Die Ernie Els Stigting verskaf ook inligting oor outisme: www.elsforautism.com
- Besoek gerus www.autismspeaks.org vir meer inligting.

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Die internasionaal bekende breinnavorser **Dick Swaab** beklemtoon die volgende punte oor outisme in sy boek *Ek is my brein - Van baarmoeder tot Alzheimer* (vertaal deur Daniel Hugo) (2014:201-206):

- Outisme word gekenmerk deur **sterk versteurde sosiale interaksies** en ’n **verminderde aantal belangstellings** en aktiwiteite.
- Outiste **dink dikwels in beelde**.
- In 1981 is daar besluit om outiste met ’n normale intelligensie lyers aan “Asperger se sindroom” te noem.

- **Die term Asperger’s word tans (2020) selde gebruik**. Volgens die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (**DSM5**) word Asperger’s vervang met “hoogs funksionerend outisties”. Vir verdere inligting sien https://www.psychiatry.org/psychiatrists/practice/dsm.

- Die **breinontwikkeling** by outisme verloop **atipies**.
- Die belangrikste **oorsaak** van outisme is **geneties van aard**.
- Outiste maak **geen kontak met ander mense** nie en het **motoriese afwykings**.
- **Stereotipiese gedrag** sluit in om hulle hande te fladder of om op hulle tone te loop.
- Outiste **ervaar nie werkliik emosies en simpatie** met ander nie.
- Outiste **verdra liggaamlike kontak sleg**. Hulle het wel ’n behoefte daaraan.
- Outiste kan **oorgevoelig wees vir sekere klanke**.
- Een uit elke tien kinders met ’n steurnis uit die outistiese spektrum het savanteienskappe.
- Uitsonderlike gawes kom hoofsaaklik by seuns voor en kan te doen hê met die beeldende kuns, musiek, kalendersomme of blitsvinnige hoofrekene.
- **Daniel Tammet** is ’n bekende savant en voorbeeld van ’n persoon met Asperger se sindroom. Hy beskik oor ongekende reken- en taaltalente.

**ADDISIONELE BRONNE VIR VERRYKING:**

Neser, C. 2020. *Help! My kind is anders*. Pretoria: Lapa.
Swaab, D. 2018 (2014). *Ek is my brein – Van baarmoeder tot Alzheimer*. Pretoria: Protea.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BIOGRAFIE VAN DIE SKRYWER

### CHRISTIEN NESER



**(Erkenning: Hanneri de Wet)**

Christien Neser is ’n spraakterapeut van Bryanston, Johannesburg. Sy het haar eerste boek, *Kondensmelk* (Lapa) in 2009 gepubliseer. Dit was die begin van die gewilde Elle-reeks, waarvan boek 8 in 2017 verskyn het. In 2013 verskyn *Amper Einstein*. Nes Nicci, die hoofkarakter in haar boek *Pienk is nie vir sissies nie* (Tafelberg, 2017) is Christien ook tuis op 'n bergfiets.

**Besoek https://www.nb.co.za/af/authors?authorId=21**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## DIE VERHAAL IN ’N NEUTEDOP

Christien Neser se roman *Absoluut Einstein* is ’n verhaal wat handel oor die **vyftienjarige Dylicia Mentoor**. Dylicia moes saam met haar ma, Felicia, vanaf Ashton in die Wes-Kaap na Johannesburg verhuis aangesien daar ’n geskikte werksgeleentheid vir haar ma was. In Johannesburg woon Felicia en Dylicia by Edward en sy pa. Felicia is ’n verpleegster en sien om na Edward wat weens ’n motorongeluk in ’n rolstoel is. Dylicia se pa het in Ashton agtergebly om na hulle huis om te sien.

By **Parkland Hoërskool** word Dylicia reeds in graad nege tot die Verteenwoordigende Leerlingraad verkies. Haar ma is baie trots op haar, maar haar vriendskap met haar beste vriendin, Simone, ly daaronder. Boonop het die adjunkhoof, doktor Papenfus, vir Dylicia ’n belangrike projek vir die jaar gegee. Sy moet **Micha Steinman**, ’n outistiese seun, help om sosiaal by die hoërskoolomgewing in te skakel nadat hy tot dusver tuis skoling ontvang het. Tydens hul eerste ontmoeting ontstaan daar ’n krisis waarin Micha vir Dylicia probeer verwurg wanneer die skoolklok lui. Later vind Dylicia uit dat Micha hoogs funksionerend is, maar baie sensitief is vir sekere reuke asook geraas.

Tafelberg

Die roman fokus op die daaglikse roetine waarin Dylicia vir Micha leer hoe om by skoolaktiwiteite in te skakel. Dit blyk egter ’n uitdagende taak te wees. Boonop maak die **Vuilhonde** die lewe nie vir Dylicia of Micha maklik nie. Micha bevind homself gedurig in ongemaklike situasies en Dylicia moet gereeld tussenbeide tree om die situasie te beredder.

Mettertyd pas Micha egter goed aan by die skoolomgewing. Hy sluit by die Robotika-klub aan en tesame met Dylicia, Kalla en die Vuilhonde (**Dewald, Bees en Henco**) bou hulle ’n robot om aan ’n **GrottoBot-kompetisie** deel te neem. Alhoewel daar aanvanklik onenigheid tussen die spanlede is, begin hulle mekaar stelselmatig vertrou en as ’n span saam te werk. Met behulp van mevrou Koen se kundige leiding en kreatiewe idees, slaag sy daarin om Micha en Kalla deel van ’n vriendekring te maak – hul vorm as sulks ’n bende waarin die seuns saam allerhande pret met hul robot genaamd **Freakster** het. Alhoewel Dylicia soms uitgesluit voel, het sy daarin geslaag



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

om Micha susksesvol by die skoolgemeenskap te laat inskakel en sy sosiale vaardighede te verbeter.

*Absoluut Einstein* sluit aan by Christien Neser se roman *Amper Einstein* (2013) waarin Micha se ouer broer die protagonis was. Die verhaal kan egter gelees word sonder om enige voorafkennis van *Amper Einstein* te hê. Die roman bied ’n belangrike blik op **outisme** en wat dit behels. **Belangrike temas soos groepsdruk, afknouery, vriendskap, gestremdheid, liefde en outisme** kom in die roman aan bod.

Die verhaal eindig met ’n spanningsvolle en aksiebelaaide avontuur waarin die seuns vir groot drama sorg. Die roman bevat ook talle humoristiese oomblikke wat leerders terdeë sal geniet. Die roman is ’n deurnisvolle verhaal van aanvaarding, deursettingsvermoë en vriendskap.

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE BEGRIPPE

### ROMAN - DEFINISIE

Die woord “roman” beteken letterlik “’n boek geskryf” in Romaans (Grové 1963:80). Die roman is ’n **prosaverhaal waarin mense (karakters) “geplaas in ’n sekere omgewing**, geteken word in hulle begeertes, hulle onderlinge verhoudinge en hulle handelinge” (1963:80). **Die klem val dus op karakterontwikkeling** eerder as ’n beskrywing van die handelinge.

### DIE VERTELLER

Elke verhaal het ’n **verteller**. Daar moet altyd in gedagte gehou word dat die **skrywer en die verteller nie dieselfde persoon is nie**. Die menings van die verteller is nie noodwendig die van die skrywer nie. In *Absoluut Einstein* is die **skrywer Christien Neser en die verteller is ’n derdepersoonsverteller**. Ons kan tussen drie soorte vertellers onderskei:

### EERSTEPERSOONSVERTELLER

Die eerstepersoonsverteller is ook bekend as die **ek-verteller**. Die verhaal word slegs uit die gesigshoek van die een karakter in die verhaal vertel. Die ek-verteller weet egter nie wat die ander karakters dink en voel nie, maar kan slegs afleidings uit die ander karakters se handelinge of optrede maak. Die ek-verteller is besonder geslaagd as verteller om sy of haar eie gevoelens en emosies te beskryf.

### ALOMTEENWOORDIGE VERTELLER

Hierdie tipe verteller vertel wat elke karakter sê, dink en voel. Hy/sy is oral teenwoordig op elke plek, ruimte en tyd.

### DERDEPERSOONSVERTELLER

Die derdepersoonsverteller beskik oor **beperkte alwetendheid** en die skrywer van die roman beskryf die verhaal deur die oë van een van die karakters **(In *Absoluut Einstein* is dié karakter Dylicia Mentoor)**. Die skrywer is aan die kant van die karakter en beleef die gebeure in die verhaal deur die karakter se gees.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**FOKALISASIE – WIE SIEN?**

Die verhouding tussen die elemente van die verhaal en die **visie van waaruit hulle aangebied** word.

(Mieke Bal in Cloete, Botha & Malan, 1985)

## TYD

## VERTELTYD VERSUS VERTELDE TYD

**Verteltyd**: Die term ‘verteltyd’ verwys volgens Brink (1987:92) na “die tyd wat deur die teks in beslag geneem word om die storie te vertel”. (Met ander woorde die aantal bladsye van die novelle of roman.)

**Vertelde tyd**: Die ‘vertelde tyd’ dui op “die periode wat deur die storie gedek word vanaf die vroegste tydsmoment waarna [in die teks] verwys word” (1987:92). Steenberg (1985:90) noem die ‘vertelde tyd’ die ‘leestyd’ wat “meetbaar [is] in minute, ure, dae [en] weke”.

Die jeugroman *Absoluut Einstein* se **verteltyd** strek dus oor **174 bladsye** bestaande uit **nege-en-twintig hoofstukke**. Die **vertelde tyd** strek oor ’n aantal maande in die middel van die skooljaar.

Die verhaal word **chronologies** aangebied.

## TYDSVERLOOP

## CHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Chronologiese tydsverloop verwys na **tyd wat op mekaar volg** bv. Maandag, Dinsdag, Woensdag of oggend, middag en aand.

## ACHRONOLOGIESE TYDSVERLOOP

Achronologiese tydsverloop verwys na **tydsverloop wat nie op mekaar volg nie**. Dis tydsverloop in die verhaal word afgewissel. Daar is **tydspronge en terugflitste** na gebeure wat in die verlede plaasgevind het. Die hede en verlede word ook met mekaar afgewissel.

In die roman *Absoluut Einstein* is die verloop van tyd **chronologies**.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## RUIMTE OF PLEK

Vanuit 'n narratologiese oogpunt word daar volgens Venter (1985:95-96) drie vorme van ruimtelikheid in die epiek (roman / novelle) onderskei:

1. Die **genarrateerde (vertelde) storietuimte** (die **plek** waar die storie afspeel)
2. Die **narratiewe verhaalruimte** (die **wyse waarop die storieruimte vertel word**)
3. Die **diskursiewe vertellersruimte** (Die vraag na die instansie uit wie se ruimtelike bewussyn waargeneem of gefokaliseer word.)

Die **genarrateerde (vertelde) storieruimte** in *Absoluut Einstein* is maklik identifiseerbaar. Die ruimte waarin die roman afspeel is in **Johannesburg**.

## INTRIGE

## RAAMWERK VAN GEBEURE

Die term "intrige" verwys na die **plan waarvolgens die verhaal (storie) ontwikkel**. Dit word ook die **raamwerk van gebeure** genoem. Die intrige verwys na die **volgorde waarin die gebeure in die verhaal plaasvind**. Intrige lei tot spanning. Indien die intrige nie deursigtig of maklik voorspelbaar is nie, is die roman meer geslaagd aangesien dit die leser enduit sal boei.

Tafelberg

## TEMAS

Die tema van die verhaal verwys na enige lewenswaarheid en/of –insig wat uit die verhaal voortspruit. 'n Tema is altyd universeel en is nie gebonde aan tyd, ruimte, omstandighede of 'n karakter nie. **Voorbeelde: outisme, afknouery, vriendskap, gestremdheid, liefde, spanwerk ens.**

## TITEL

Die titel verwys na die naam van die verhaal (storie). Die titel van die roman is dus *Absoluut Einstein*. Die titel is 'n belangrike komponent aangesien dit die verhaal ontsluit. Die titel bevat ook dikwels 'n tema of temas uit die verhaal soos in dié geval **Micha wat as "Absoluut Einstein" gedefinieer kan word omdat hy so begaafd soos die wêreldberoemde wetenskaplike is.**

.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**BOTSINGS OF KONFLIK**

Twee tipes botsings kan in ’n verhaal voorkom naamlik **uiterlike botsing of innerlike botsing**.

**Uiterlike botsing word met geweld assosieer** soos gevegte tussen karakters, niefisiese botsings soos ’n argument of selfs net ’n deurborende kyk van een karakter na ’n ander. **Voorbeeld: Dewald wat vir Micha met geweld dreig indien hy vir doktor Papenfus sê dat hulle by die kleuresportdag skelm gerook het.**

**Innerlike botsing verwys na konflik in die karakter se gemoed**. Voorbeelde van innerlike konflik sluit in geestelike, emosionele of selfs morele wroeging. Innerlike botsing vind plaas wanneer ’n karakter emosioneel oor iets wroeg. **Voorbeeld: Dylicia is ongelukkig en voel uitgesluit wanneer Micha meer tyd saam met die Vuilhonde deurbring en haar nie meer nodig het om hom te ondersteun nie.**

Verdere voorbeelde sluit in **die botsing tussen die mens en sy/haar omgewing** wat botsings tussen die mens en die maatskaplike orde soos egskeiding, armoede, verslawing ensovoorts insluit.

Tafelberg

**Botsing kan ook plaasvind tussen die mens en die natuur** wanneer die natuur deur ’n dier, woestyn of rivier versimboliseer word. Dink byvoorbeeld aan ’n daadwerklike botsing tussen ’n jagter en die leeu wat die jagter bespring wanneer die geweerskoot afgaan.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## KARAKTERISERING

### HOOFKARAKTER

**Dylicia Mentoor is die hoofkarakter** (protagonis) in die roman. Sy is die sentrale figuur waarom die gebeure in die teks afspeel. **Die hoofkarakter ondergaan karakterontwikkeling** en word ook ’n **ronde karakter** genoem. Hierdie tipe karakter se innerlike sowel as die uiterlike word duidelik aan die leser uitgebeeld.

### NEWEKARAKTERS

**Newekarakters word ook plat- of vlakkarakters genoem**. Hierdie karakters word by die verhaal betrek om die hoofkarakter te belig. Die newekarakters ondergaan geen noemenswaardige karakterontwikkeling nie en dra by tot moontlike botsing waarin die hoofkarakter sy/haar innerlike aan die leser kan openbaar. **In *Amper Einstein* sal die Vuilhonde ’n voorbeeld van newekarakters wees.**

### KARAKTERBEELDING (KARAKTERSKETS)

### EKSPLISIETE KARAKTERBEELDING

Eksplisiete karakterbeelding kan geskied deur dit wat die verteller oor die karakter aan die leser meedeel of dit wat die ander karakters in die roman (verhaal) van die karakter sê of dink.

### IMPLISIETE KARAKTERBEELDING

**Implisiete karakterbeelding word deur die optrede van die hoofkarakter aan die leser oorgedra** waaruit die leser die volgende afleidings kan maak naamlik die voorkoms en uitbeelding van die karakter se omgewing, die karakter se houding en handelinge asook wat die karakter van hom- of haarself dink en sê.

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

| KARAKTER | KARAKTEREIENSKAPPE |
|---|---|
| **Dylicia Mentoor** | Dylicia Mentoor het vanaf Ashton in die Wes-Kaap na Johannesburg verhuis. Sy is in graad nege en is onlangs tot die Verteenwoordigende Leerlingraad verkies. Sy is baie slim, verantwoordelik en is lid van die skool se Roboklub. Sy hou baie van pienk melkies. Die Vuilhonde terg haar oor haar naam en noem haar "Delicious". Sy is baie verantwoordelik en word deur doktor Papenfus gevra om Micha te help sosialiseer by die skool. |
| **Felicia Mentoor** | Sy is 'n verpleegster van beroep. Sy spesialiseer in die sorg van persone met gestremdhede. |
| **Dylan Mentoor** | Hy het nie saam met sy vrou en dogter na Johannesburg verhuis nie. Hy sien om na hul huis en honde in Ashton. Hy herstel enige stukkende ding op Ashton. |
| **Micha Steinman** | Micha is outisties. Hy het groot bruin oë. Hy is op sesjarige ouderdom gediagnoseer en is hoogs funksionerend. Hy hou daarvan om mense se velkleur volgens kleurkaarte van muurverf te kategoriseer. Hy is uiters sensitief vir reuke, smake en teksture. Hy eet glad nie rosyne en neute nie. Hy hou nie van geraas nie en is besonder begaafd in wiskunde. Sy IK is bo 150. Hy is lief vir wiskunde, robotte en Sweedse motors. Hy leer ook maklik ander tale. Hy het reeds twee matriekvakke afgeskryf en leer vanjaar Mandaryns. Hy het ook twee van die Japannese alfabetsisteme baasgeraak naamlik kanji en hiragana. Hy verstaan egter nie idiome nie en interpreteer alles letterlik. |
| **Alta Steinman** | Alta gaan tydelik kuns as vak by Parkrand Hoërskool onderrig terwyl mevrou Dommisse met verlof is. Sy het vaalbruin hare en dra 'n swartraambril. |
| **Marius Steinman**<br>**(Sy naam word nie in die roman genoem nie.)**<br>**(Sien *Amper Einstein*)** | Micha se pa het sy L5 (Lumbale werwel) in 'n motorfietsongeluk gebreek toe Micha 'n baba was. Hy is sedertdien in 'n rolstoel. Hy is net 'n parapleeg en kan nog sy hande gebruik. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Leonard Steinman** | Leonard is Micha se ouer broer. Hy is baie ondersteunend en Micha volg sy raad. Hy is hoogs intelligent en het 'n aanleg vir wiskunde. (Leonard was die hoofkarakter in *Amper Einstein*.) Hy is 'n elektroniese ingenieur. |
| **Oom Joof** | Hy is die busbestuurder. |
| **Doktor Herman (Paap) Papenfus** | Doktor Papenfus is die adjunkhoof. Hy is groot gebou en dra altyd te veel naskeermiddel. Hy het onlangs gepromoveer (sy doktorsgraad verwerf) en spog daarmee met die graadsertifikaat wat in sy kantoor uitgestal word. Sy bynaam is Paap. |
| **Juffrou Dommisse** | Juffrou Dommisse is die kunsjuffrou en gaan binnekort trou. Sy gaan egter met verlof en Alta Steinman gaan in haar pos waarneem. Sy staan ook bekend as Bridezilla weens haar uitbarstings in die klaskamer gedurende die paar maande voor haar troue. |
| **Mevrou Celia Koen (Tannie Koekoes)** | Mevrou Koen is die skoolsielkundige. Haar bynaam is Tannie Koekoes. Sy het 'n effense lispel en grys hare. |
| **Mevrou Smit (Smittie)** | Sy onderrig wiskunde by die skool. |
| **Mnr. Barnard** | Hy onderrig robotika. Hy is verstrooid en dra soms groen tekkies skool toe. |
| **Doktor Muller** | Skoolhoof. Hy verskyn selde en lei die saalopeninge. |
| **Mevrou De Beer** | Sy onderrig Engels en speel die klavier tydens saalopeninge. |
| **Mevrou Malan** | Sy is die Afrikaansonderwyser. |
| **Juffrou Steyl** | Werk in die mediasentrum. |
| **Dewald Basson** | Dewald is 'n lid van die Vuilhonde. Hy word beskou as die tropleier. Hy hou daarvan om sarkastiese opmerkings te maak en ander leerders af te knou. Hy het 'n lang donkerbruin kuif en rook skelm by die skool. |
| **Henco Stals** | Hy dra draadjies en is 'n lid van die Vuilhonde. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

| | |
|---|---|
| **Dian Stals** | Dian is Henco se ouer broer. Hy is een van die Rooi Span se dirigente. |
| **Bertus van Tonder (Bees)** | Bertus is dik en het bolwange. Hy is ’n lid van die Vuilhonde. |
| **Kalla Verdoorn** | Kalla is skraal en word deur die Vuilhonde afgeknou. Hy is slim. Hy is lid van die Roboklub. |
| **Simone** | Simone is Dylicia se beste vriendin. Vandat Dylicia tot die VLR verkies is, sit hulle nie meer pouses saam onder die boom nie. Sy het rooi hare en grysgroen oë. |
| **Niel Bakkes** | Niel is die Wit Span se ster atleet. Hy en Micha ding teen mekaar mee in die 1500-meter vir seuns onder 16. |
| **Edward Nel** | Edward Nel was saam met Leonard Steinman op skool. Hy was ’n spiertier. Hy het dik swart hare en het uitgeblink in perdry, atletiek en swem. Hy en sy ma was egter in ’n motorongeluk. ’n Koedoe het veroorsaak dat die bakkie gerol het. Edward het op sewentienjarge ouderdom sy nek gebreek (C5-nekwerwel) en sy ma is in die ongeluk oorlede. Gevolglik is hy ’n kwadrupleeg. Hy doen tans sy honneurs in wiskunde aanlyn. |
| **Pieter Nel** | Pieter is Edward se pa. Hy is ’n myningenieur en werk meestal in die Kongo. Wanneer hy tuis is, spandeer hy meeste van sy tyd in sy studeerkamer. |
| **Antie Dollie** | Antie Dollie woon op Ashton. Dylicia se ma skakel haar om haar te vertel dat Dylicia tot die VLR verkies is. |
| **Gracie** | Gracie is Micha se terapiehond. |
| **Rodney Smart** | Hy is die dansinstrukteur wat die baldansklasse by die skool aanbied. |
| **Frieda** | Sy is ’n fris tannie en help vir Rodney om die baldansklasse af te rig. |
| **Hannelore** | Leonard se verloofde. |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING B: LEES


"Lees verwys na die **verstaan van die teks** en om nadere aandag te skenk aan die taalkenmerke daarvan" (KABV, 2011:23).

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

### WENK

**Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind.**

**Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir 'tuiswerk' te gee. Staan tyd tydens die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig.**





Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## AFDELING C: POST-LEES

"Post-lees stel leerders in staat om die **teks as geheel te beskou en daarop te reageer**" (KABV, 2011:23).

### HOOFSTUK 1

**Opsomming:**

Dylicia wag by die busstop vir die skoolbus om haar op te laai. Sy is baie bekommerd aangesien die skoolbus laat is. Sy merk op dat die uithangbord met die skool se naam daarop aangedui skeef hang by die busstop. Sy is tot die Verteenwoordigende Leerlingraad verkies en dra gevolglik die skool se beste belange op die hart. Sy moet egter dringend by die skool kom aangesien die adjunkhoof haar gevra het om met 'n spesiale projek te help. Sy moet 'n nuwe leerder help om sy voete by die skool te vind. Sy dink aan haar kunsjuffrou wat binnekort gaan trou. Die juffrou was die afgelope drie maande baie streng met die leerders aangesien sy gespanne is oor haar huweliksdag. Wanneer oom Joof uiteindelik opdaag, vra sy hom om so vinnig as moontlik by die skool te kom aangesien sy laat gaan wees. Op die bus sit 'n groep graadneges wat haar as "Delicious" aanspreek. Hulle staan bekend as die Vuilhonde en is lief daarvoor om ander leerders af te knou.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

1.1. Wat kan die leser aflei omtrent Dylicia se gemoedstoestand terwyl sy by die busstop staan en wag?

1.2. Wat is die naam van die skool wat Dylicia bywoon?

1.3. Wat trek Dylicia se aandag terwyl sy vir die skoolbus staan en wag?

1.4. Doktor Papenfus het vir Dylicia 'n belangrike taak gegee.

1.4.1. Verduidelik wat die verskil tussen 'n "doktor" en 'n "dokter" is.
1.4.2. Het doktor Papenfus onlangs sy doktorsgraad ontvang? Verduidelik.
1.4.3. Wat is die spesiale projek waarmee Dylicia die skool moet bystaan?
1.4.4. Watter posisie beklee doktor Papenfus by die hoërskool?

1.5. Watter belangrike verantwoordelike rol beklee Dylicia by die skool?

1.6. Wat is oom Joof se beroep?

1.7. Watter vak onderrig juffrou Dommisse?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

1.8. Wat beteken dit indien daar na ’n vrou as “Bridezilla” verwys word? Verduidelik.

1.9. Watter verskoning gee oom Joof aan Dylicia waarom hy effens laat is?

1.10. In watter graad is Dylicia? Haal uit die roman aan om jou antwoord te motiveer.

**HOOFSTUK 2**

**Opsomming:**

Op die bus roep Henco vir Dylicia om by hom en sy vriende te kom sit. Bees stamp vir Kalla van die bank af. Dylicia help vir Kalla op en sê vir die Vuilhonde dat sy en Kalla voor in die bus by oom Joof gaan sit. Die Vuilhonde terg vir Dylicia omdat sy tot die Verteenwoordigende Leerlingraad verkies is. Haar ma, Felicia, is baie trots op haar dogter se prestasie. Sy het omtrent almal op Ashton gebel om die goeie nuus met hulle te deel. Intussen is Dylicia se beste vriendin, Simone, ongelukkig aangesien Dylicia nie meer baie tyd het om saam met haar te spandeer nie. Dylicia se pligte as lid van die VLR hou haar gereeld tydens pouses besig.

Op die bus gesels Dylicia met Kalla. Sy sê vir hom dat hy slim is en nie moet toelaat dat die Vuilhonde hom so afknou of negatief beïnvloed nie. Kalla is nes Dylicia ’n lid van die skool se Roboklub. Sy vra hom of hy haar sal help om haar robot te programmeer. Sedert Dylicia laas jaar by Parkrand aangesluit het, het baie leerders haar oor haar aksent geterg. Sy praat al net soos die Gautengers en haar pa raas gedurig met haar daaroor wanneer hulle op die telefoon gesels. Haar bynaam is nou Delicious en sy het besluit om vrede daarmee te maak aangesien daar geen einde aan die Vuilhonde se geterg is nie.

**Kontekstuele vrae:**

2.1. Verduidelik waarom Bees vir Kalla teen Dylicia waarsku?

2.2. Waarom, dink jy, het die Vuilhonde so ’n obsessie met Dylicia wat op die VLR dien? Verduidelik.

2.3. In watter provinsie het Dylicia skoolgegaan voordat sy en haar ma na Johannesburg verhuis het?

2.4. Hoekom het Felicia Mentoor omtrent almal op Ashton gebel toe haar dogter tot die VLR verkies is? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

2.5. Beskryf die uitwerking van Dylicia se verkiesing as lid van die VLR op haar vriendskap met Simone.

2.6. Op watter twee voorwaardes stem Dylicia in om die middag se Roboklub by te woon?

2.7. Wie is “Spider-Girl” in die konteks van die roman?

2.8. Is Dylicia al sedert die begin van graad agt ’n leerder by Parkrand Hoërskool? Verduidelik.

2.9. Waaroor het baie leerders Dylicia geterg toe sy by Parkrand begin skoolgaan het?

2.10. Watter vak onderrig mevrou Smit?

2.11. Na wie is Dylicia vernoem?

2.12. Wie is volgens Dylicia die ‘leier’ van die Vuilhonde?

**HOOFSTUK 3**

**Opsomming:**

Die skoolbus arriveer uiteindelik by die skool. Die Vuilhonde hang by die busvensters uit en kyk na die skoolingang waar leerders letters van die skool se naam verwyder het. Weens die vandalisering van die skool se naam staan daar “ARKRAND OERSKOOL” in plaas van die skool se korrekte naam. Die leerders neem selfies en dink dit is baie snaaks. Simone wag vir Dylicia en wil ’n selfie neem, maar Dylicia is laat vir haar afspraak en sê vir Simone dat sy haar in die eerste periode sal sien. Simone rol haar oë. Op pad kantoor toe kom doktor Papenfus by die gang afgestorm om die spektakel by die skoolingang stop te sit. Sy naskeermiddel irriteer Dylicia se neus. In doktor Papenfus se kantoor vind sy Micha Steinman wat vir haar wag.

**Kontekstuele vrae:**

3.1. Wat beteken die gesegde “om jou naam met ’n plank te slaan”?

3.2. Watter gebeurtenis ontlok aandag by die leerders wanneer die skoolbus by die skoolhek arriveer?

3.3. Dink jy die ‘nuwe’ naam “ARKLAND OERSKOOL” is snaaks? Verduidelik.

3.4. Waarom rol Simone haar oë vir Dylicia?

3.5. Wie moet Dylicia daardie oggend by die skool ontmoet?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

3.6. Gee 'n kort beskrywing van doktor Papenfus.

3.7. Wat is doktor Papenfus se bynaam?

3.8. Wat het Dylicia nagelaat om te doen aangesien sy laat vir haar afspraak was?

**HOOFSTUK 4**

**Opsomming:**

Dylicia ontmoet vir Micha Steinman in doktor Papenfus se kantoor. Sy vind vir Micha waar hy in doktor Papenfus se stoel sit en in die rondte tol. Sy probeer sy aandag trek, maar hy ignoreer haar. Sy kyk skelm in Micha se leerderlêer waarin sy sien dat Micha voorheen tuis geskool is en op sesjarige ouderdom met outisme gediagnoseer is. Micha se eerste woorde aan Dylicia is dat sy die kleur "Pretzel" is. Wanneer sy haarself formeel aan hom bekend wil stel, hou hy 'n kleurkaart teen haar vel. Aanvanklik is Dylicia ontsteld oor die insident en voel daardeur gegrief. Sy vind egter uit dat dit deel van Micha se eie navorsingsprojek is. Micha verduidelik vir Dylicia dat hy op die spektrum is. Hy is outisties, maar hoogs funksionerend. Dylicia besef dat hierdie taak baie uitdagend gaan wees end at sy liewer nie hierby betrokke wil raak nie. Sy weet dat die Vuilhonde Micha gaan boelie en dat dit net tot moeilikheid sal lei.

Net toe Dylicia uit die kantoor wou vlug, kom doktor Papenfus ingestap. Toe die skoolklok begin lui, gryp Micha haar en glip sy een arm om haar keel. Hy begin haar verwurg en sy sukkel om asem te haal. Meneer Barnard en doktor Papenfus help haar nadat sy en Micha op die grond neergeval het. Die geraas was vir Micha te erg en hy sit opgekrul onder die lessenaar met sy oorfone op. Skielik versag Dylicia se hart en kry sy hom jammer ten spyte van die feit dat hy haar amper versmoor het.

**Kontekstuele vrae:**

4.1. Wat is Dylicia se eerste indruk van Micha?

4.2. Wat is die naam van die skool wat Micha voorheen bygewoon het?

4.3. Watter sensitiewe inligting lees Dylicia in Micha se leerderlêer?

4.4. Beskryf die ongewone gewoonte wat Micha het met sy klomp kleurkaarte van muurverf.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

4.5. Waarom, dink jy, was Dylicia aanvanklik kwaad toe Micha haar as "Pretzel" aanspreek? Verduidelik.

4.6. Verduidelik wat Micha se doel met die studie is en wat hy daarmee wil bereik.

4.7. Met watter bekende wetenskaplike vergelyk Micha homself?

4.8. Watter beroep beoefen Dylicia se ma?

4.9. Hoekom is Dylicia bang om Micha te help? Verduidelik.

4.10. Waarom moet Felicia Mentoor na Edward Nel omsien?

4.11. Wat gebeur met Dylicia toe die skoolklok lui?

4.12. Wie onderrig Robotika aan die Parkland Hoërskool?

4.13. Verduidelik Micha se optrede nadat die skoolklok in doktor Papenfus se kantoor gelui het.

4.14. Hoe sou jy gevoel het indien jy in Dylicia se skoene was? Sou jy steeds bereid wees om Micha te help nadat hy jou amper versmoor het? Verduidelik.

Tafelberg

**HOOFSTUK 5**

**Opsomming:**

Na die insident in doktor Papenfus se kantoor lê Micha in die siekekamer. Dylicia luister doktor Papenfus en mevrou Koen se gesprek af. Mevrou Koen het vroeër vir Dylicia verduidelik wat die doel van Micha se spesiale kombers is. In die gesprek wat sy afluister kom sy duidelik agter dat Micha 'n begaafde jong man is en oor vele talente beskik. Mevrou Koen probeer vir doktor Papenfus oorreed om Micha 'n tweede kans te gee. Sy erken egter dat sy Dylicia beter moes voorberei op Micha se koms. Doktor Papenfus stem in om Micha nog 'n week kans te gee. Doktor Papenfus gebruik die gesogte Esselenbeurs as beloning om Dylicia sover te kry om in te stem om Micha verder te help. Dylicia besef dat dié beurs haar baie sal help aangesien haar pa sy werk by die fabriek in Ashton verloor het. Dit is die rede waarom sy en haar ma na Johannesburg moes verhuis aangesien haar ma 'n goeie werk kon kry. Dylicia stem daartoe in om Micha te help, maar voel dat sy nie omgekoop hoef te word nie.

**Kontekstuele vrae:**

5.1. Hoe lyk Micha se "spesiale kombers"?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

5.2. Verduidelik die doel van die "spesiale kombers".

5.3. Watter redes voer mevrou Koen aan waarom doktor Papenfus vir Micha 'n tweede kans moet gee? Bespreek.

5.4. Waarom verwys mevrou Koen spesifiek na Cambridge, Oxford en Yale as moontlike universiteite waar Micha eendag kan gaan studeer? Verduidelik.

5.5. Waarom is Gracie so belangrik vir Micha?

5.6. Wie is Stephen Hawking en Albert Einstein? (Doen navorsing op die internet of in die biblioteek.)

5.7. Wat beteken dit indien jy sê "iemand het dit nie breed nie"? Verduidelik.

5.8. Verduidelik waarom Dylicia se pa werkloos is.

5.9. Waarom moes Dylicia en haar ma na Johannesburg verhuis?

5.10. Hoe sou jy gevoel het indien die skool jou 'n beurs aanbied om 'n gestremde of outistiese leerder se mentor te wees?

## HOOFSTUK 6

### Opsomming:

Dylicia kon die skool vroeg verlaat na die insident in doktor Papenfus se kantoor. Sy gaan kuier vir Edward en help hom om 'n roomyshorinkie te eet. Sy vertel hom wat die oggend by die skool gebeur het. Haar ma kom roep haar en sê daar is mense by die voordeur wat met haar wil praat. Micha, sy ma en Gracie kom die huis binne. Sy ma het hom gebring om vir Dylicia om verskoning te vra. Micha se aandag word dadelik afgelei na Edward se elektriese rolstoel en hy sê vir Edward dat sy pa ook 'n rolstoel het. Edward is egter baie ferm met Micha en dwing hom om ordentlik vir Dylicia om verskoning te vra. In die kombuis gesels Micha se ma met Dylicia en probeer verduidelik hoe uitdagend dit is om Micha groot te maak. Dylicia gee egter vir haar raad en stel voor dat Micha sy kleurkaarte by die huis moet los aangesien dit hom in die moeilikheid gaan laat beland. Mevrou Steinman stem in dat sy Micha se ouer broer sal vra om met hom te gesels aangesien hy groot respek het vir sy broer se opinies en raad.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**Kontekstuele vrae:**

6.1. Verduidelik waarom Dylicia toegelaat is om vroeër huis toe te gaan.

6.2. Wat het Micha vir Dylicia gegee om verskoning te vra vir sy optrede?

6.3. Hoekom, dink jy, vind Micha dit moeilik om Dylicia in die oë te kyk toe hy haar om verskoning moes vra?

6.4. Watter voorwaardes stel Dylicia aan mevrou Steinman om Micha verder te help?

6.5. Wie is die één mens wat met Micha kan toor?

6.6. Wat is ’n Nobelprys? (Doen navorsing op die internet of besoek die biblioteek.)

**HOOFSTUK 7**

**Opsomming:**

Micha is gefassineerd met Edward se rolstoel en peper hom met vrae. Edward vertel vir Micha hoe dit gebeur het dat hy verlam geword het. Micha vertel vir Edward dat sy pa ’n parapleeg is weens ’n motorfietsongeluk. Dylicia gee vir Micha roomys, maar hy wil eers weet of daar neute of rosyne in is. Sy ma verduidelik dat Micha uiters sensitief is vir reuke, smake en teksture. Toe hy jonger was, het hy op sekere dae net sekere kleure kos geëet. Edward noem aan Micha dat hy besig is om vir ’n honneursgraad in wiskunde te studeer. Daarna doen hy en Micha ’n paar wiskundige bewerkings waartydens Micha die een na die ander sonder moeite oplos. Dit is dus duidelik dat Micha geniaal is wat wiskunde betref. Micha se ma sê egter dat hulle nou moet gaan aangesien sy ’n afspraak met mevrou Dommisse het. Wanneer Dylicia haar kunsportfolio by die deur optel, lewer Micha se ma kommentaar op haar tekeninge en vind sy uit dat sy in mevrou Dommisse se plek gaan waarneem.

**Kontekstuele vrae:**

7.1. Verduidelik waarom Edward verlam is.

7.2. Wat is ’n kwadrupleeg? Slaan die betekenis in ’n woordeboek na.

7.3. Waarom is Micha so geïnteresseerd in Edward se rolstoel? Verduidelik.

7.4. Dink jy Micha het ’n goeie sin vir humor? Haal ’n voorbeeld op bl. 41 aan om jou antwoord te motiveer.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

7.5. Watter vreemde eetgewoontes het Micha gehad toe hy jonger was?

7.6. Hoekom is idiome en metafore ’n moeilike konsep vir Micha om te verstaan?

7.7. Wat behels Edward se weeklikse mediese behandeling?

7.8. Watter belangstelling deel Micha en Edward met mekaar?

7.9. Verduidelik hoe Dylicia uitgevind het dat Micha se ma in juffrou Dommisse se plek gaan waarneem.

7.10. Wat beteken die idioom “As die perde horings kry”? Verduidelik.

**HOOFSTUK 8**

**Opsomming:**

Dylicia het nog skaars van die bus afgeklim toe sy hoor dat daar moeilikheid by die skool is. Die leerders het vir Micha ontdek. Hy staan in die binneplein saam met Gracie. Omdat hy sy sonbril dra, dink baie leerders dat hy blind is. Dylicia kom dadelik tot Micha se redding en verjaag die leerders. Sy verduidelik dat Gracie ’n terapiehond is en dat Micha nie blind is nie. Hy sê uit sy eie vir die leerders dat hy outisties is. Die leerders begin bespiegel wat outisme is en dit blyk duidelik uit hul antwoorde dat hul nie werklik verstaan wat outisme is nie. Dylicia probeer haar bes om vir die leerders te verduidelik wat outisme is en dat Micha se brein anders werk. Later kom doktor Papenfus op die toneel af en verjaag die leerders. Hy sê vir Dylicia en Micha om na sy kantoor toe te gaan. Kalla stel homself aan Micha voor en vra of hy robotte kan bou. Micha is dadelik opgewonde en Kalla nooi hom om na skool na die Roboklub toe te kom.

**Kontekstuele vrae:**

8.1. Watter gerugte hoor Dylicia voor sy van die skoolbus kon afklim?

8.2. Waarom het die leerders gedink dat Micha blind is? Verduidelik.

8.3. Wat is Micha se verduideliking van outisme?

8.4. Wat is ’n “savant”? Gebruik ’n woordeboek om die betekenis na te slaan.

8.5. Hoekom het Gracie vir die leerders begin knor?

8.6. Wie het die situasie ontlont?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.7. Wie het homself aan Micha bekendgestel?

8.8. Waarheen word Micha uitgenooi?

8.9. Wat sou jou reaksie gewees het indien jy 'n seun soos Micha die eerste keer by die skool teëgekom het?

8.10. Indien jy die skoolhoof was, sou jy 'n leerder soos Micha toelaat om sy terapiehond skool toe te bring? Verduidelik.

**HOOFSTUK 9**

**Opsomming:**

Dylicia en Micha is in die skool se mediasentrum. Micha stel nie in enige van die ou boeke oor tegnologie belang nie en Dylicia gee vir hom die nuutste uitgawe van *Popular Mechanics*. Hulle wag in die mediasentrum terwyl doktor Papenfus die graadneges in die saal toespreek. Die skool het die klok se luitoon spesiaal verander om aan Micha se behoeftes te voldoen. Wanneer die klok lui en hulle na die wiskundeklas toe moet gaan, moet Dylicia Gracie se hulp inroep om Micha sover te kry om die tydskrif in die biblioteek agter te laat en klas toe te gaan. Dylicia moet toesien dat Micha homself in elke klas aan die onderwyser voorstel om hom met sy sosiale vaardighede te help.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

9.1. Wat is die onderwyser se naam wat in die mediasentrum werk?

9.2. In watter tipe boeke stel Micha belang?

9.3. Hoekom, dink jy, laat skole nie leerders toe om tydskrifte uit te neem by die mediasentrum (of biblioteek) nie?

9.4. Watter verandering merk Dylicia op wanneer die skoolklok lui?

9.5. Hoekom moet Dylicia vir Gracie roep om Micha se aandag weg van die tydskrif te kry?

9.6. Na watter komponis se musiek luister Micha terwyl hy lees?

9.7. Verduidelik waarom Dylicia en Micha vir doktor Papenfus in die mediasentrum moes wag.

9.8. Waarheen moet Micha en Dylicia in die tweede periode gaan?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

9.9. Watter voorstel het doktor Papenfus gemaak om Micha met sy sosiale vaardighede te help?

9.10. Dink jy dit is steeds relevant om ’n mediasentrum of biblioteek by ’n skool te hê? Verduidelik.

**HOOFSTUK 10**

**Opsomming:**

In die wiskundeklas stel Micha homself aan mevrou Smit en die leerders voor. Hy verduidelik aan die klas dat hy op die outisme-spektrum is, maar dat hy hoogs funksionerend is. Hy vertel vir die klas waarvan hy hou en waarom hy oorfone moet dra. Hy waarsku die leerders om nie aan Gracie te vat nie aangesien sy hulle sal byt. Die leerders luister aandagtig na Micha met ’n paar wat ’n snedige opmerking maak of smalend glimlag. Mevrou Smit verduidelik vir die klas dat Micha reeds die skoolsillabus voltooi het en dat sy wiskundige vermoëns reeds op universiteitsvlak is. Hy gaan heel voor in die klas sit en op sy eie werk, maar moet wel die toetse skryf.

Mevrou Smit kondig ’n blitstoets aan en Micha beantwoord heel eerste die som wat opgelos moet word. Hy laat egter na om sy berekeninge aan te dui en ontvang nie een van die vyf sjokolades wat mevrou Smit vir die wenners gee nie. Dewald bak ’n poets op Micha en Dylicia moet ingryp. Mevrou Smit moet egter vroeg in die les vir Micha sekere klasreëls verduidelik en aandui wat gepaste gedrag in die klaskamer is. Wanneer Dewald daarin slaag om nog ’n poets te bak en sodoende die spot met Micha te dryf, raak Micha onrustig en Dylicia moet hom buite die klaskamer gaan kalmeer. Nadat Micha kalmeer het, het Dylicia hom teruggeneem klas toe om nog somme te gaan doen.

**Kontekstuele vrae:**

10.1. Wie is “Smittie” na wie Dylicia verwys?

10.2. Watter inligting oor homself deel Micha tydens sy bekendstelling met die klas?

10.3. Hoekom gaan juffrou Smit vir Micha werkkaarte gee om homself besig te hou? Verduidelik.

10.4. Twee insidente het Micha tydens die Wiskundeles ontstel. Wat het in die klas gebeur?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

10.5. Verduidelik waarom Micha nie 'n sjokolade gewen het nie ten spyte daarvan dat sy antwoord korrek was.

10.6. Watter aksie het Dylicia geneem om Micha na die insident met die spotprent te kalmeer?

10.7. Hoe sal jy voel indien iemand jou as 'n "psycho" beskryf?

10.8. Watter lid van die Vuilhonde is meesterlik met programmering?

10.9. Watter dreigement maak Henco teenoor Dylicia voor hulle terug klas toe gaan?

**HOOFSTUK 11**

**Opsomming:**

Kalla ontmoet vir Dylicia in die robotika-laboratorium. Hy het pienk melkies gekoop en Dylicia is in ekstase. Micha het na sy ma se klaskamer gegaan om bietjie in haar stoorkamer te gaan rus. Dylicia vertel vir Kalla van die slegte dag wat sy gehad het en van die leerder wat op Micha se skoolbaadjie gespoeg het. Dylicia is van mening dat alles net te veel is vir Micha om te kan hanteer. Al die reuke by die skool insluitend doktor Papenfus se naskeermiddel irriteer Micha se neus. Wanneer Micha by die laboratorium opdaag, wys Kalla vir hom die Lego-robotte wat hulle gebou het. Dylicia sê dat Kalla haar gaan help om haar robot te programmeer. Wanneer meneer Barnard vir Micha vra wat hy wil bou, lig Misha hom in dat hy 'n robot-arm wil bou. Net toe Dylicia egter dink dat dit 'n rustige middag gaan wees, kom die Vuilhonde by die laboratorium ingestap.

**Kontekstuele vrae:**

11.1. Wat het Kalla gekoop waaroor Dylicia baie bly is?

11.2. Hoekom het Micha nie dadelik saam met Dylicia na die robotika-laboratorium gekom nie?

11.3. Watter insident het plaasgevind wat daartoe gelei het dat Micha nie sy skoolbaadjie wou dra nie?

11.4. Wat was doktor Papenfus se bynaam toe Leonard en Edward op skool was?

11.5. Wat is 'n "laventelhaan"? Gebruik 'n woordeboek om die betekenis na te slaan.

11.6. Waarom moes Dylicia vir Micha na pouse na sy ma se klas toe neem?

11.7. Wat is die name van Kalla en Dylicia se Lego-robotte?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

11.8. Met watter blink plan kom Dylicia vorendag sodat haar robot goed kan optel en neersit?

11.9. Wat beplan Micha om in die robotika-laboratorium te bou?

11.10. Wat het gebeur wat die vrede in die robotika-laboratorium versteur het?

**HOOFSTUK 12**

**Opsomming:**

In die robotika-laboratorium kondig Bees aan dat sy pa vir hom ’n advertensie uit die koerant geknip het waarin ’n kompetisie vir grotbotte aangekondig word. Meneer Barnard lig hul egter in dat hy reeds die inskrywingsvorms uitgedruk het en dat hulle welkom is om van die vorms te neem. Wanneer Dylicia na die inskrywingsvorm wil kyk, keer Henco haar en sê dat dit nie vir meisies geskik is nie. Meneer Barnard kondig aan dat hulle grotbotte gaan bou sodra hul Lego-robot voltooi is, maar dat hul ouers die kostes daaraan verbonde sal moet dek. Kalla help vir Dylicia om die wiele aan haar spinnekop se vier agterpote vas te kry. Bertus (Bees) is egter van mening dat Micha nie vir Dylicia kan help om haar robot te programmeer nie. Wanneer hy te naby aan Micha by die rekenaar gaan staan, herinner Dylicia hom daaraan dat Micha baie sensitief vir reuke is. Bees vervies hom vir Dylicia. Nadat meneer Barnard die laboratorium gesluit het, hoor Micha hoe Bees dreig dat hy vir Gracie gaan vergiftig. Micha noem egter aan Bees dat Gracie net uit sy hand uit eet.

**Kontekstuele vrae:**

12.1. Wie het eerste die grotbotkompetisie onder almal se aandag gebring?

12.2. Waarom het meneer Barnard reeds vir die kompetisie geweet?

12.3. Wat is ’n “speleoloog”? (**Let op die korrekte spelling volgens die HAT.**)

12.4. Stem jy saam met Henco dat dié kompetisie nie geskik is vir meisies nie? Verduidelik.

12.5. Dink jy Henco se uitspraak kan as seksisties beskou word? Bespreek.

12.6. Watter belangrike aankondiging maak meneer Barnard?

12.7. Waarom is Dylicia kwaad vir Bees toe hy te naby aan Micha by die rekenaar gaan staan?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

12.8. Watter dreigement maak Bees indirek ten opsigte van Gracie?

12.9. Wat was Micha se respons op Bees se dreigement?

12.10. Wat merk Dylicia op omtrent Dewald nadat Micha vir Bees op sy plek gesit het?

**HOOFSTUK 13**

**Opsomming:**

Edward is baie opgewonde om Dylicia te sien. Hy is vreeslik nuuskierig om te hoor hoe haar dag saam met Micha by die skool verloop het. Sy vra haar ma om vir haar en Edward elkeen ’n roomyshorinkie te maak. Dylicia bekyk al die foto’s van Edward op sy pa se kaggelrak. Edward was baie talentvol voor die tragiese motorongeluk waarin hy sy onafhanklikheid sowel as sy ma verloor het. Dylicia vra vir Edward uit oor grotbotte. Daarna onthou sy skielik dat sy vergeet het om die kleuresportdag met Micha te bespreek. Dit is deel van haar taak om Micha te leer sosialiseer. Sy verwys weer na die Esselenbeurs waarop sy haar hoop geplaas het en dink dat alles nou verlore is. Wanneer sy Micha bel, is sy geskok om uit te vind dat hy reeds alles oor die kleuresport weet. Sy besluit om vir Micha ’n lys te tik met sosiale reëls wat hy moet nakom. Sy gaan lê voor die televisie en raak aan die slaap.

**Kontekstuele vrae:**

Tafelberg

13.1. Waarna verwys die “groen monstertjie” op bl. 74? Verduidelik.

13.2. In watter drie sportsoorte het Edward uitgeblink voor sy motorongeluk?

13.3. Verduidelik hoe die motorongeluk gebeur het.

13.4. Mag ’n persoon wat ’n leerlinglisensie het ’n motor bestuur? Verduidelik.

13.5. Wat het van Edward se ma geword?

13.6. Waarom is Dylicia paniekbevange wanneer sy onthou dat sy vergeet het om Micha van die kleuresport in te lig?

13.7. In watter kleuresportspan is Micha?

13.8. Aan watter item gaan Micha tydens die kleuresport deelneem?

13.9. Maak ’n lys van al die sosiale reëls wat Dylicia vir Micha neergeskryf het.

13.10. Dink jy die opskrif “Menswees-maniere vir Micha” is onsensitief? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 14**

**Opsomming:**

Dit is die dag van die kleuresport. Die drie spanne ding teen mekaar mee op die ateletiekbaan asook op die pawiljoen. Dian is op soek na Micha. Die Rooies se dirigente gaan per ambulans arriveer en wil hê dat Micha saam met hulle in die ambulans ry. Daarna moet hy uit die ambulans spring en die dans doen wat hy in Smittie se klas gedoen het. Wanneer die dirigente uit die ambulans spring, kom Micha agterna en hy is soos ’n mummie toegedraai. Micha begin voor die pawiljoen te dans en die leerders geniet hulself gate uit. Een van die Wit Span se dirigente gryp egter Micha se oorfone van sy nek af en plaas dit op sy eie kop. Dit lei daartoe dat Micha paniekbevange reageer en Dylicia tussenbeide moet tree om Micha te help. Met behulp van Gracie slaag Dylicia daarin om Micha te kalmeer. Hy is steeds bereid om die 1500-meter te hardloop. Terwyl hulle wag vir Micha se baanitem om aangekondig te word, gaan Dylicia saam met Micha na die graswalle agter die atletiekbaan sodat hy eers kan rus.

**Kontekstuele vrae:**

14.1. Watter span gaan heel moontlik die Geesbeker by die kleuresportdag wen?

14.2. Hoekom dink Dylicia dat die Wittes die prys vir die Beste Kostuums gaan wen?

14.3. Dink jy dit was wys van die Rooies se dirigente om Micha by die aankoms van die dirigente te betrek? Verduidelik.

14.4. Watter insident het veroorsaak dat Gracie Micha moes platstorm en bo-op hom moes gaan lê?

14.5. Dink jy Dylicia se gedrag teenoor die Wit Span se dirigent was gepas? Bespreek.

14.6. Hoe weet die leser dat Micha die hele petalje eintlik geniet het?

14.7. Waarom dring Micha daarop aan om steeds aan die 1500-meter deel te neem?

14.8. Hoe laat vind Micha se baanitem plaas?

14.9. Hoekom besluit Dylicia dat Micha eers moet rus voor hy aan sy item deelneem?

14.10. Indien jy na Micha moes omsien, sou jy toegelaat het dat hy sy danspassies voor die skool doen? Verduidelik.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

## HOOFSTUK 15

### Opsomming:

Die seuns onder 16 word geroep om aan te tree vir die 1500-meter. Dylicia skud Micha se skouer en hy gaan tree aan vir die baanitem sonder sy oorfone. Wanneer die pistool afgaan, vind hulle egter vir Micha in 'n fetusposisie op die grond. Gracie gaan lê bo-op hom en Dylicia bring sy oorfone. Hy spring op en begin hardloop. Micha hardloop soos 'n vlakhaas. Die leerders op die pawiljoen skree kilphard. Die leerders skree "Freakshow!" terwyl die Rooies "Micha!" skree om hom aan te moedig nadat Dylicia tussenbeide getree het. Meneer Barnard moedig Micha aan om vinniger te hardloop en Micha hardloop nog vinniger. Uiteindelik steek Micha die Wit Span se ster, Niel Bakkes, verby en hou egter aan met hardloop nadat hy die wenstreep oorgesteek het. Gracie wat saam met hom gehardloop het, is poegaai. Nadat Micha vir die tweede keer oor die wenstreep gehardloop het, stop meneer Barnard hom en die Rooi Span se dirigente dra hom tot voor hulle span op die pawiljoen. Danksy sy oorfone is die geraas nie te erg vir Micha nie. Die hele skool skree "Legend!" en Micha word skielik baie gewild onder die leerders. Later kondig doktor Papenfus aan dat Micha 'n nuwe rekord vir die 1500-meter vir seuns onder 16 opgestel het.

Tafelberg

### Kontekstuele vrae:

15.1. Waarom het Micha nie saam met die ander deelnemers begin hardloop nadat die afsitter se pistool afgegaan het nie? Verduidelik.

15.2. Wat het Dylicia gedoen sodat Micha aan die wedren kon deelneem?

15.3. Watter onderwyser het Micha deurentyd langs die baan aangemoedig?

15.4. Hoekom, dink jy, was die Wit Span ongelukkig dat Micha so vinnig hardloop?

15.5. Wie het vir Micha geskree om Gracie se band te los?

15.6. Watter reël voeg Dylicia by die lysie wat sy vir Micha neerskryf?

15.7. Hoekom het Micha nie in 'n fetusposisie gaan lê weens al die geraas toe die Rooi Span se dirigente hom op hul skouers getel het en voor die pawiljoen paradeer het nie?

15.8. Wie is "Bach" waarna Micha op sy oorfone luister?

15.9. Watter twee persone het spesiaal na die kleuresportdag gekom om Micha te sien deelneem?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

15.10. Watter indrukwekkende prestasies het Micha tydens die wedloop behaal?

**HOOFSTUK 16**

**Opsomming:**

Micha is baie opgewonde na sy oorwinning op die atletiekbaan. Hy besef ook dat die leerders nou van hom hou. Dylicia waarsku hom egter daarteen om nie windgat te raak nie en om altyd vriendelik te wees en almal te groet. Skielik sien hulle vir Henco, Dewald en Simone wat agter die sportsaal uitkom. Micha kan ruik dat hulle gerook het. Dylicia is baie teleurgesteld dat haar beste vriendin saam met Dewald en Henco gerook het. Micha konfronteer hulle oor hul rokery en Dewald waarsku Micha om nie ’n klikbek te wees en hulle rokery te rapporteer nie. Dylicia neem Micha na die kunsklas sodat hy in die stoorkamer kan gaan rus. Dylicia verkyk haarself aan hoe mooi mevrou Steinman die kunsklas versien het. Mevrou Steinman sê vir Dylicia om Micha by haar te los en die kleuresportdag te gaan geniet. Doktor Papenfus kom egter na die kunsklas om uit te vind waar die skool se nuwe steratleet is. Hy sê dat hulle vir hom die beste afrigter sal moet kry. Micha kom egter uit die stoorkamer en oorhandig ’n stukkie papier met die name van die rokers aan doktor Papenfus. Dylicia probeer die stukkie papier uit doktor Papenfus se hand gryp, maar dit skeur en hy het steeds die gedeelte met die name op. Dylicia besef dat Micha nou vir homself baie moeilikheid veroorsaak het.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

16.1. Wie is “Chuck Norris” na wie Micha verwys?

16.2. Watter wyse raad gee Dylicia vir Micha?

16.3. Wie het agter die sportsaal gerook?

16.4. Waaroor is Dylicia bitter teleurgesteld?

16.5. Waarteen waarksu Dewald vir Micha?

16.6. Wie was “Van Gogh” na wie Dylicia in die kunsklas verwys?

16.7. Hoekom het doktor Papenfus vir Micha in die kunsklas kom soek?

16.8. Wat staan op die stukkie papier wat Micha aan doktor Papenfus oorhandig?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

16.9. Tot watter gevolgtrekking kom Dylicia nadat sy nie daarin kon slaag om die stukkie papier uit doktor Papenfus se hand te gryp nie?

16.10. Dink jy leerders moet mede-leerders by onderwysers verkla indien hulle die skoolreëls oortree? Verduidelik.

## HOOFSTUK 17

### Opsomming:

Dylicia is dankbaar dat dit naweek is. Sy geniet dit om te lees en net rustig by die huis te wees. Sondagmiddag lui die voordeurklokkie en Micha daag onverwags daar op. Hy wil vir Edward sien aangesien hy vir Edward "'n roomys-arm" uit draad gemaak het. Edward wil dit dadelik toets en Dylicia gaan haal die roomys om vir Edward 'n roomyshorinkie te maak. Edward se pa verskyn ook uit sy studeerkamer en stel intens belang in Micha se draadkonstruksie. Hulle werk verder aan die ontwerp en aan die einde van die dag kan Edward selfs koffie sonder 'n tuitbekertjie drink. Micha is baie ingenome met homself en is bly dat hy vir Edward kon help om die lewe so effens makliker vir hom te maak.

### Kontekstuele vrae:

17.1. Verduidelik waarom Dylicia so verlig is dat dit naweek is.

17.2. Hoekom woon Dylicia en haar ma saam met Edward en sy pa in dieselfde huis?

17.3. Wie daag onverwags die Sondagmiddag by die huis op?

17.4. Waarom het Micha vir Edward kom kuier?

17.5. Verduidelik waarom Edward se pa gereeld weg is van die huis.

17.6. Wat bedoel Dylicia met "en toe word oom Pieter 'n mens"? (bl. 104) Verduidelik.

17.7. Hoekom hoef Edward nie in die toekoms meer koffie uit 'n tuitbekertjie te drink nie?

17.8. Hoe oud is Edward? Waaruit kan die leser laasgenoemde aflei?

17.9. Hoekom, dink jy, is Micha ingenome met homself? Verduidelik.

17.10. Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**?

Dylicia is steeds bekommerd oor die nota wat Micha vir doktor Papenfus gegee het.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 18**

**Opsomming:**

Tydens die saalopening word Dylicia, Micha, Kalla en die Vuilhonde deur doktor Muller aangesê om na afloop van die byeenkoms by doktor Papenfus se kantoor aan te meld. In die kantoor deel doktor Papenfus hulle mee dat hul jaargroep 'n swak reputasie het. Hy lig hulle egter in dat die skool besluit het om een robot vir die kompetisie te borg. Daarna kom mevrou Koen die kantoor binne en praat met die leerders oor hulle gebrek aan lojaliteit. Sy beklemtoon dat die skool 'n rookvrye sone is en dat dit kinderagtig is om stories aan te dra. Gevolglik is daar besluit dat elkeen van die ses leerders individuele sessies by haar sal bywoon. Verder word daar van almal verwag om vir vier Vrydagmiddae baldansklasse by te woon. Dit word as ultimatum gestel sodat die Vuilhonde nie gestraf sal word vir die skoolreëls wat hulle oortree het nie en dit sal verder ook samehorigheid onder die ses leerders bevorder. Micha is opgewonde oor die baldansklasse, maar die Vuilhonde is nie baie entoesiasties daaroor nie.

**Kontekstuele vrae:**

18.1. Watter vak onderrig mevrou de Beer?

18.2. Wie is doktor Muller?

18.3. Watter ses leerders moet na die saalopening vir doktor Papenfus gaan spreek?

18.4. Watter belangrike nuus deel doktor Papenfus met die ses leerders?

18.5. Waarom voel mevrou Koen dat die ses leerders by baldansklasse sal baatvind?

18.6. Wat is Micha se reaksie op mevrou Koen se aankondiging?

18.7. Hoe voel die Vuilhonde oor die baldansklasse?

18.8. Dink jy dit is 'n gepaste straf vir die Vuilhonde asook om samehorigheid onder die ses leerders teweeg te bring? Verduidelik.

18.9. Watter drie skoolreëls het die Vuilhonde oortree?

18.10. Watter straf sou jy verkies? Om baldanslesse te moet neem of om detensie te sit? Verduidelik.

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 19**

**Opsomming:**

Mevrou Malan moet haar man tydens die graadneges se dubbelperiode Afrikaans by die kliniek gaan haal. Sy gee vir hulle ’n opstel om te skryf nadat die klas gelag het vir haar man wat ’n liddoring laat verwyder het. Micha maak egter of hy siek is en vra vir Dylicia om saam met hom te kom aangesien hy vir haar iets wil gaan wys. Hy het die skool se vermiste letters opgespoor en weet wie dit verwyder het. Dylicia moet hom egter oorreed om nie stories aan te dra nie aangesien dit een van die lesse is wat mevrou Koen vir hom wil leer. Dylicia sê vir Micha om die letters in sy ma se stoorkamer te gaan sit en vir niemand daarvan te vertel nie. Sy het reeds ’n plan in haar kop beraam.

**Kontekstuele vrae:**

19.1. Wie onderrig Afrikaans by Parkland Hoërskool?

19.2. Verduidelik waarom mevrou Malan skielik die les moes verlaat?

19.3. Dink jy dit is verantwoordelik van mevrou Malan om die graad nege-klas sonder toesig te laat? Verduidelik.

19.4. Wie is die “Napoleon” na wie Dylicia verwys?

19.5. Wat het Micha agter die skoolsaal ontdek?

19.6. Hoekom wil Dylicia nie hê dat Micha vir Henco en Bees by doktor Papenfus gaan verkla nie?

19.7. Wat moet Micha met die letters doen wat hy vir Dylicia gewys het?

19.8. Dink jy dit is die regte besluit wat Dylicia geneem het om nie vir Micha toe te laat om doktor Papenfus van die letters in te lig nie? Verduidelik.

**HOOFSTUK 20**

**Opsomming:**

Leonard neem vir Micha en Dylicia na die skool. Micha gaan haal die letters wat hy in sy ma se kunsklas weggesteek het. Met ’n gomgeweer plak hy die letters weer vas. Nadat hulle die letters vasgeplak het, verduidelik Leonard en Dylicia vir Micha waarom dit belangrik is om somtyds ’n geheim te moet hou. Vir die eerste keer toon Micha emosie teenoor Dylicia en sy broer terg hom daaroor. Micha besef dat dit lekkerder is



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

om nie stories aan te dra nie en dat dit somtyds nodig is om 'n geheim tussen vriende te bewaar.

**Kontekstuele vrae:**

20.1. Waarom sit Dylicia en Leonard vir Micha in die motor en wag?

20.2. Wat beteken dit indien jy iemand se "alfa en omega" is? Verduidelik.

20.3. Wat doen Dylicia en Micha met die gomgeweer en die letters?

20.4. Wat was Dylicia se doel met die hele geheime operasie?

20.5. Waarmee verras Micha vir Dylicia?

20.6. Waaroor terg Leonard vir Micha in die motor?

20.7. Watter belangrike lewensles het Micha geleer?

**HOOFSTUK 21**

**Opsomming:**

Dylicia, Micha, Kalla en die Vuilhonde meld aan vir hulle eerste baldansles. Die matrieks oefen ook hard aan hul danspassies in die skoolsaal. Doktor Papenfus en mevrou Koen staan vir hulle en kyk. Dylicia dans met Rodney wat haar die danspassies leer. Later dans sy en Dewald saam terwyl Micha met Frieda dans. Micha kry die danspassies gou onder die knie en geniet homself gate uit. Aan die einde van die baldansles verklap Micha amper 'n geheim aan mevrou Koen, maar slaag tog daarin om die geheim te bewaar.

**Kontekstuele vrae:**

21.1. Wie is Rodney Smart?

21.2. Waarom is daar baie matrieks wat saam met Dylicia-hulle aan die baldanslesse deelneem?

21.3. Met wie het Dewald gedans?

21.4. Is Micha 'n goeie danser? Verduidelik.

21.5. Watter geheim het Micha amper vir mevrou Koen vertel?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

21.6. Tot watter besef kom Dewald aan die einde van die baldansles?

21.7. Wat is jou mening oor byname vir onderwysers en mede-leerders?

**HOOFSTUK 22**

**Opsomming:**

Dylicia is diep ongelukkig. Sy voel oorbodig aangesien Micha nie meer so baie op haar ondersteuning staatmaak nie en die seuns haar nie juis ’n geleentheid gee om ook te help bou aan die grotbot nie. Boonop hang haar beste vriendin ook nou saam met die span uit en voel dit vir haar asof almal haar versaak het. Sy bekla haar lot by Edward. Hy verduidelik vir Dylicia waarom die tienerseuns so optree sodat sy hulle gedrag vanuit ’n manlike perspektief kan beskou. Sy verstaan ook nie waarom Micha haar skielik ignoreer nie en Edward verduidelik vir haar hoe die brein van ’n outis werk. Daardie aand lees sy ’n insiggewende boek oor outisme wat vir haar meer lig werp op outisme en hoekom Micha se gedrag teenoor haar die afgelope tyd verander het.

Tafelberg

**Kontekstuele vrae:**

22.1. Waarom voel Dylicia oorbodig? Verduidelik.

22.2. Wat is Micha, Kalla, Dewald, Bees en Henco se individuele rolle tydens die bou van die grotbot?

22.3. Wat is Edward se verklaring aan Dylicia wanneer sy haar dilemma met die seuns verduidelik?

22.4. Dink jy Dylicia is heimlik effens jaloers op Simone se vriendskap met die seuns? Bespreek.

22.5. Wat is die titel van die boek wat Dylicia gaan lees om Micha beter te kan verstaan?

**HOOFSTUK 23**

**Opsomming:**

Die span het die afgelope drie weke aan die grotbot gebou. Dit is amper die einde van die derde kwartaal en na die Oktobervakansie vind die GrottoBot Fest plaas. Die spanlede sit koppe bymekaar om met ’n naam vir hul robot vorendag te kom. Na talle voorstelle besluit die span op “Freakster”. Dylicia herinner die seuns daaraan dat hulle



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

die robot moet toets. Dewald stel voor dat hulle dit op ’n ou mynhoop gaan toets, maar dit is te gevaarlik. Henco stel egter voor dat hulle dit in die nuwe gebou oorkant die skool gaan toets. Bees smeek vir Dylicia om hulle gedigte vir Afrikaans te skryf. Kalla stem in om Dewald se gedig vir hom te skryf. Die span besluit om daardie aand om sesuur die Freakster te gaan toets sodra die konstruksiewerkers die perseel verlaat het. Dylicia mag egter nie die seuns vergesel nie aangesien sy die gedigte moet skryf. Micha mag ook nie vir Gracie saamneem nie. Toe Dylicia by die klasdeur uitstap, loop sy amper in Simone vas wat hul gesprek staan en afluister het.

**Kontekstuele vrae:**

23.1. Wanneer vin die GrottoBot Fest plaas?

23.2. Is Henco se opmerking oor die robot wat nié ’n “vroumens” is nie onsensitief? Bespreek.

23.3. Wie het met die uiteindelike naam vir die robot vorendag gekom?

23.4. Noem al die redes waarom hulle die robot nie slegs op ’n gladde vloer kan toets nie.

23.5. Waar stel Dewald voor moet hulle die robot gaan toets?

23.6. Op watter terrein besluit die span om die robot te gaan toets?

23.7. Watter versoek rig Bees tot Dylicia?

23.8. Hoekom gaan Bees daardie aand sy pa se toegangskaart kan gebruik om by die konstruksieterrein in te kom?

23.9. Waarom moet Dylicia tuis bly terwyl die seuns die robot gaan toets?

23.10. Mag Gracie saam met Micha gaan?

23.11. Dink jy dit is ’n goeie idee om die robot op ’n konstruksieterrein te toets? Bespreek.

**HOOFSTUK 24**

**Opsomming:**

Leonard en Edward sit op die stoep en bier drink. Dylicia is vies omdat sy tuis moes bly om gedigte te skryf. Leonard is van mening dat dit goed is dat Micha sonder haar en Gracie oor die weg moet kom. Dylicia gaan na haar kamer en begin aan die gedigte



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

te skryf. Sy besluit om die gedigte so soetsappig moontlik te maak om Henco en Bees ’n les te leer. Sy skryf terwyl sy sit en roomys eet. Later klop Leonard aan haar kamerdeur. Hy is baie bekommerd aangesien hy nie vir Micha of Kalla op hul selfone in die hande kan kry nie. Meneer Barnard weet boonop niks van die robottoets op die skoolterrein nie. Dylicia begin huil, want sy weet dat die seuns in die moeilikheid is. En sy voel skuldig dat sy vir Micha geleer het hoe om te jok en geheime te hou.

**Kontekstuele vrae:**

24.1. Wie kuier by Edward?

24.2. Waarom is Felicia nie by die huis om na Edward om te sien nie?

24.3. Hoekom is Dylicia in ’n slegte bui?

24.4. Op watter wyse gaan Dylicia wraak neem op Henco en Bees?

24.5. Wat is die titel van Dylicia se gedig?

24.6. Waarom is Leonard bekommerd wanneer hy Dylicia se kamer binnekom?

24.7. Waaroor voel Dylicia skuldig?

24.8. Dink jy dit is Dylicia se skuld dat Micha nie vir sy broer vertel het waarheen hy daardie aand gaan nie? Bespreek.

Tafelberg

**HOOFSTUK 25**

**Opsomming:**

Dylicia vertel vir Leonard van die konstruksieterrein. Leonard besluit dat hulle vir Micha-hulle moet gaan soek. Edward bied aan dat hulle sy bussie kan gebruik. Hulle jaag na die konstruksieterrein, maar die hek is gesluit en dit is onmoontlik om oor die heining te klim. Nie een van die seuns of Simone beantwoord hulle selfone nie. Toe Dylicia die bussie se deur oopmaak, spring Gracie uit en jaag ’n swart kat. Mettertyd slaag Gracie daarin om ’n gat onder die heining te grawe en onderdeur te kruip. Dylicia besluit sonder enige huiwering om ook onder die heining deur te kruip om na Micha-hulle te soek.

**Kontekstuele vrae:**

25.1. Verduidelik waarom Edward aanbied dat hulle met sy bussie moet ry.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

25.2. Waarheen ry hulle om die seuns te gaan soek?

25.3. Waarom kon hulle nie oor die hek klim om by die konstruksieterrein in te kom nie?

25.4. Hoekom is Dylicia angstig toe sy die swart kat sien wat Gracie gejaag het?

25.5. Met watter opsie kom Dylicia vorendag om toegang tot die konstruksieterrein te verkry?

25.6. Hoe slaag Dylicia daarin om by die konstruksieterrein in te kom?

**HOOFSTUK 26**

**Opsomming:**

Leonard stoot vir Dylicia goed onder die heining deur vir ingeval die seuns in nood verkeer. Leonard kruip ook onder die draadheining deur. Hulle hardloop in die lang tonnel af en sukkel om te sien waar hulle loop. Dylicia raak bewus van ’n sterk reuk wat sy met die reuk van ’n kat se urine verwar. Leonard stel haar gerus dat dit die reuk van nat beton is en dat Micha slegs hipersensitief is vir geure soos toiletsproei en parfuum. Hul het beide geen sein op hul selfoon nie. Later sien Dylicia die spore van die Freakster in die stof. Hulle volg vir Gracie waar sy by ’n donker gat in die beton staan en ruik. Dylicia roep na Micha en ’n stem antwoord haar van ver onder in die donker gat af.

**Kontekstuele vrae:**

26.1. Wat gee Leonard vir Dylicia aan om saam te neem tydens hulle soektog na die seuns?

26.2. Waarom is Dylicia bekommerd wanneer sy die katte se urine (nat beton) in die tonnel ruik?

26.3. Vir watter reuke is Micha spesifiek baie sensitief?

26.4. Wat sien Dylicia in die stof?

26.5. Waar staan Gracie toe Dylicia haar vind?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 27

### Opsomming:

Leonard vra hoe die seuns onder in die donkerte gekom het en Bees sê dat hulle met die gang af moet stap om die onderste verdieping te bereik. Hulle sien die baan van planke en sementsakke wat deur die Vuilhonde gebou is. Al die seuns is vol grys stof, maar gelukkig is almal veilig. Bees is baie bekommerd dat hulle sy pa gebel het. Gelukkig vir hom het hulle nie sy pa of die polisie gebel nie. Micha verduidelik dat hy geen sein het nie en dus nie sy broer kon bel nie. Hy het homself gate uit geniet. Simone vertel vir Dylicia hoe dit gebeur het dat sy ook saam met die seuns in die kelderverdieping beland het. Dylicia help vir Simone om onder die heining deur te kruip aangesien haar ma haar om nege-uur by die skool gaan oplaai. Sy draai om en stap terug in die donker gang af in die parkeergarage.

### Kontekstuele vrae:

27.1. Watter toneel tref Dylicia en Leonard aan wanneer hulle die seuns in die parkeergarage se kelder vind?

27.2. Wat het Dylicia verwag om daar aan te tref?

27.3. Sou jy kwaad gewees het vir die Vuilhonde indien hulle jou vriende was? Verduidelik.

27.4. Hoe het dit gebeur dat Simone ook saam met die Vuilhonde in die kelder is?

27.5. Op wie was Simone verlief?

27.6. Hoe weet die leser dat Simone op die seun in (**27.5**) verlief was?

27.7. Watter leuen het Simone vir haar ma vertel om saam met die seuns te kon uithang?

## HOOFSTUK 28

### Opsomming:

Dylicia besef dat sy vir Leonard en Micha moet gaan haal aangesien Edward lank genoeg in die koue gewag het. Sy begin huil omdat een van haar haaspantoffels se oë weg is. Leonard troos haar egter en lig haar mettertyd in dat dit net stof was wat die haasoog bedek het. Hy vra Dylicia om aan hom twee beloftes te maak. Later nooi



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

hy haar na sy en Hannelore se troue toe en vra dat sy vir Micha sal vergesel. Hy vertel vir haar van sy skooldae en hoe hy en Hannelore ontmoet het. Die Vuilhonde kom uiteindelik uit en Leonard moedig hulle aan om Dylicia om verskoning te vra. Wanneer hulle huis toe ry, raak Micha op die agtersitplek aan die slaap.

**Kontekstuele vrae:**

28.1. Hoekom het Dylicia begin huil? Verduidelik.

28.2. Watter twee beloftes moet Dylicia aan Leonard maak?

28.3. Waarom is dit vir Micha en Kalla belangrik om deel van die Vuilhonde te wees?

28.4. Waarheen nooi Leonard vir Dylicia?

28.5. Vanwaar ken Leonard vir Hannelore?

28.6. Wat gebeur tussen Dylicia en Dewald nadat hulle die kelderverdieping verlaat?

28.7. Wat het jy aanvanklik gedink het met die seuns in die parkeergarage gebeur?

**HOOFSTUK 29**

**Opsomming:**

Dylicia en Simone sit tydens pouse onder die boom en gesels. Hulle eet oliebolle en gesels oor die seuns. Gracie lek die sprinkels van Dylicia se gesig af. Gevolglik moet Dylicia haar gesig gaan was aangesien dit vol van Gracie se ghwel is. Toe sy terugstap vanaf die kleedkamers sien sy dat Micha langs Simone onder die boom sit. Hulle gesels oor die dansles. Simone verduidelik aan Micha dat sy soms met ander mense ook sal wil dans. Dylicia vra vir Micha of hulle besig is om aan die Freakster te werk. Micha onthou skielik waarvoor Henco hom gestuur het, maar Dylicia sê Henco kan sy eie pienk melk by die snoepie gaan koop. Dylicia sê vir Micha om hulle alleen te los aangesien die meisies bietjie tyd saam wil spandeer.

**Kontekstuele vrae:**

29.1. Dink jy Dylicia se opmerking dat manne braai en meisies slaai maak seksisties is? Verduidelik.

29.2. Na wie verwys "Trompie en die Boksombende"?



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

29.3. Wie het die bekende reeks jeugromans oor Trompie geskryf? Gaan doen navorsing in die biblioteek of op die internet.

29.4. Wie sit by Simone wanneer Dylicia van die kleedkamer terugkeer?

29.5. Waarna sien Micha baie uit?

29.6. Waarna verwys die "Freakster"?

29.7. Wat was die eintlike rede waarom Micha by Simone en Dylicia kom sit het?

29.8. Sou jy sê Micha het met Dylicia se hulp daarin geslaag om sosiaal by die skoolomgewing aan te pas? Bespreek.

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers


## MEMORANDUM: KONTEKSTUELE VRAE

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**VRAAGGRADERING: OPSOMMING**

**BARRET (1968) – LEES & KYK: BEGRIPSTOETSE EN LETTERKUNDE**

**(VLAK 1-5)**







Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**BLOOM (1956) – TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VLAK 1-6**

**ANDERSON (2001) (HERSIENE TAKSONOMIE)**






Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 1

**MEMORANDUM**

1.1. Die leser kan aflei dat Dylicia baie gespanne is om laat vir skool te wees.

1.2. Parkland Hoërskool

1.3. Sy sien dat die skool se uithangbord by busstop 4 net aan een geroeste skakel hang.

1.4.1. Die woord "dokter" verwys na 'n mediese dokter wat pasiënte behandel. "Doktor" verwys na 'n persoon wat oor 'n doktorsgraad in 'n vakgebied soos die geesteswetenskappe of opvoedkunde beskik. 'n Doktor is dus 'n kenner op die gebied van 'n spesifieke onderwerp.

1.4.2. Ja, sy sertifikaathang blinknuut in sy kantoor en hy laat mens dit nie vergeet nie.

1.4.3. Dylicia moet vir Micha Steinman 'n mentor wees en hom help om by die skoollewe aan te pas en sy sosiale vaardighede te verbeter.

1.4.4. Doktor Papenfus is die adjunkhoof.

1.5. Sy is 'n lid van die Verteenwoordigende Leerlingraad.

1.6. Hy is 'n busbestuurder.

1.7. Kuns

1.8. Die term verwys gewoonlik na 'n vrou wat voor haar troue in 'n spreekwoordelike monster ontaard weens die spanning wat deur die troureëlings veroorsaak word. Sy wil alles perfek hê en is bang dat iets skeef sal loop.

1.9. Oom Joof sê vir Dylicia dat die verkeer baie erg is.

1.10. Graad 9 – "Die graadneges. Die Vuilhonde. Haar klasmaats".

## HOOFSTUK 2

2.1. Bees waarsku vir Kalla teen Dylicia aangesien Dylicia hom by doktor Papenfus kan aankla indien hy iets verkeerd doen.

2.2. Die leerder se eie antwoord. (**Bespreek in die klaskamer.**)

2.3. Wes-Kaap

2.4. Dit was 'n groot prestasie aangesien Dylicia nog in graad nege is en eers 'n paar maande vroeër by die nuwe skool aangesluit het.

2.5. Dylicia se vriendskap met Simone het skade gely aangesien hulle nie meer pouse tyd saam kon spandeer nie aangesien Dylicia take en verantwoordelikhede as VLR-lid gehad het.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

2.6. Sy sal die middagsessie bywoon mits Kalla vir haar ’n pienk melkie koop en haar met haar Lego robot sal help.

2.7. Spider-Girl is die naam wat Dylicia vir haar Lego robot gegee het.

2.8. Nee, Dylicia het eers laas jaar halfpad in die tweede kwartaal by die skool gearriveer.

2.9. Die leerders het Dylicia oor haar Kaapse aksent geterg.

2.10. Mevrou Smit onderrig Wiskunde.

2.11. Sy is na haar pa, Dylan, en ma, Felicia, vernoem.

2.12.Dewald word as die leier van die Vuilhonde beskou.

**HOOFSTUK 3**

3.1. Dit beteken dat jy jouself in die verleentheid stel of jouself verneder.

3.2. Iemand het letters van die skool se naam verwyder.

3.3. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

3.4. Dylicia kan weer eens nie tyd saam met haar spandeer nie.

3.5. Sy moet die nuwe leerder ontmoet. Sy naam is Micha Steinman.

3.6. Doktor Papenfus het ’n groot lyf en hy gebruik te veel naskeermiddel.

3.7. Paap

3.8. Dylicia het nie tyd gehad om haar kunshuiswerk te gaan ingee nie.

**HOOFSTUK 4**

4.1. Dylicia vergaap haar aan Micha se lang wimpers. Sy vind hom baie aantreklik.

4.2. Micha het nie voorheen ‘n skool bygewoon nie. Hy is tuis geskool.

4.3. Dylicia lees: “Spesiale behoeftes. Micha is op ses met outisme gediagnoseer”.

4.4. Micha vergelyk mense se velkleur met die kleure op die kleurkaarte van muurverf.

4.5. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

4.6. Micha wil bewys dat daar nie so iets soos wit mense of bruin mense of swart mense bestaan nie. Hy glo dat die data van sy studie vir identifikasiedoeleindes gebruik kan word.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

4.7. Micha vergelyk homself met Albert Einstein.

4.8. Dylicia se ma is ’n verpleegster.

4.9. Micha se oë laat haar ongemaklik voel.

4.10. Edward Nel is ’n kwadrupleeg en benodig permanente hulp om hom met sy daaglikse versorging by te staan.

4.11. Micha se een arm het om Dylicia se keel geglip en teen haar lugpyp gedruk. Sy het gesukkel om asem te haal.

4.12. Meneer Barnard

4.13. Micha is baie sensitief vir geraas en het dus bedreig en onveilig gevoel.

4.14. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 5**

5.1. Micha se spesiale kombers is ’n swaar kombers gevul met loodballetjies.

5.2. Die doel van die kombers is om hom te kalmeer wanneer hy angstig voel.

5.3. Mevrou Koen voer aan dat Micha hoogs begaafd is met ’n IK bo 150. Hy kan moontlik beurse by Cambridge of Oxford of Yale kry. Sy matriekuitslae gaan voorblaaie van koerante haal en baie vir die skool se beeld beteken.

5.4. Hierdie universiteite is van die beste universiteite in die wêreld.

5.5. Gracie is ’n terapiehond en weet hoe om Micha te kalmeer wanneer hy oorweldig voel deur sekere gebeure of situasies waarin hy homself bevind.

5.6. Die leerders moet navorsing doen oor die wetenskaplikes naamlik Stephen Hawking en Albert Einsten. (**Bespreek in die klaskamer.**)

5.7. Die persoon is nie welgesteld (ryk) nie of het nie baie geld nie.

5.8. Die fabriek waar haar pa op Ashton gewerk het, het gesluit.

5.9. Haar ma kon ’n goeie werk in Johannesburg kry.

5.10. Leerder se eie mening. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 6**

6.1. Nadat Micha haar aangeval het, is sy huis toe gestuur om van die skok te herstel.

6.2. Hy het vir Dylicia ’n bos pienk rose gegee.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

6.3. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

6.4. Dylicia stem in om Micha te help mits Gracie saamkom skool toe en hy sy kleurkaarte by die huis los.

6.5. Sy broer, Leonard.

6.6. Leerders moet navorsing doen oor die Nobelprys. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 7**

7.1. Edward het sy C5-nekwerwel gebreek en sy ruggraat beskadig.

7.2. ’n Kwadrupleeg is ’n persoon van wie al vier ledemate verlam is.

7.3. Sy pa is ook in ’n rolstoel na ’n motorfietsongeluk.

7.4. Leerder se eie mening. (**Moet ’n voorbeeld op bl. 41 aanhaal.**)

7.5. Toe hy jonger was, wou hy op sekere dae van die week net sekere kleure kos eet.

7.6. Micha interpreteer alles letterlik.

7.7. Hy sien elke dag ’n fisioterapeut, een keer per week ’n sielkundige en twee keer per week gaan hy vir waterterapie.

7.8. Beide hou baie van Wiskunde.

Tafelberg

7.9. Dylicia se kunsportfolo se knip het oopgebars en haar sketse het oor die vloer gesaai gelê. Mevrou Steinman het die sketse bestudeer en daarop kommentaar gelewer waarna Dylicia uitgevind het dat sy in juffrou Dommisse se plek gaan waarneem.

7.10. Dit beteken iets sal nooit gebeur nie.

**HOOFSTUK 8**

8.1. Die leerders het vir Micha ontdek.

8.2. Micha het ’n sonbril gedra en Gracie, sy terapiehond, was by hom.

8.3. Mischa verduidelik dat hy nie neurotipies is nie. Hy hou nie van geraas nie en is nie goed met mense nie, maar dat hy slimmer as meeste van die ander leerders is.

8.4. ’n Savant word gedefinieer as ’n “geleerde”. Dit is ’n persoon wat intellektueel hoogs begaafd is.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

8.5. Die leerders het Micha ongemaklik laat voel en te veel geraas.

8.6. Doktor Papenfus het opgedaag en die situasie ontlont.

8.7. Kalla Verdoorn

8.8. Micha word uitgenooi om na skool by die Roboklub aan te sluit.

8.9. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

8.10. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 9**

9.1. Juffrou Steyl

9.2. Micha stel belang in boeke oor tegnologie.

9.3. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

9.4. Doktor Papenfus het die ou skoolklok met ’n nuwe skoolklok laat vervang wat minder geraas maak.

9.5. Aangesien Micha outisties is, fokus hy baie intens op een aktiwiteit op ’n slag en hou nie daarvan om onderbreek te word nie.

9.6. Johann Sebastian Bach

9.7. Doktor Papenfus het die ander graadneges in die skoolsaal toegespreek oor Micha.

9.8. Wiskundeklas

9.9. Doktor Papenfus het voorgestel dat Micha homself aan elke onderwyser voorstel.

9.10. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 10**

10.1. Smittie is die Wiskunde-onderwyser se bynaam.

10.2. Micha sê dat hy op die outisme-spektrum is, maar dat hy hoogs funksionerend is. Hy is lief vir Wiskunde, robotte, Sweedse motors en tale. Hy praat baie tale soos Sweeds, Mandaryns en Japannees. Gracie is sy terapiehond en die leerders moenie aan haar vat nie. Hy sê dat hy sensitief is vir geraas asook vir helder ligte.

10.3. Micha het reeds die skoolsillabus voltooi. Sy wiskunde is al op universiteitsvlak.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

10.4. Dewald het vir Micha ’n gebreekte pen geleen (Die pen wou nie skryf nie). Dewald het ook ’n spotprent op die witbord vertoon waarin hy die spot dryf met Micha.

10.5. Micha het nie sy bewerkings aangedui soos vereis word nie.

10.6. Sy het hom in die gang buite die klaskamer met haar lyf teen die muur vasgedruk sodat hy kan ontspan.

10.7. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

10.8. Dewald

10.9. Henco dreig om vir Smittie te sê dat Dylicia en Micha in die gang vry.

**HOOFSTUK 11**

11.1. Kalla het vir Dylicia pienk melk gekoop.

11.2. Hy het eers in sy ma se klas se stoorkamer gaan rus.

11.3. Iemand het van die boonste verdieping af op Micha se skoolbaadjie gespoeg.

11.4. Sy bynaam was Kardoesie.

11.5. ’n Laventelhaan verwys na ’n man wat oordrewe aandag aan sy uiterlike bestee.

11.6. Al die reuke in die Engelsklas het Micha se sintuie oorweldig.

11.7. Kalla se Lego-robot se naam is Mighty Mouse. Dylicia se robot se naam is Spider-Girl.

11.8. Sy wil magnete in twee van haar Lego-robot se pote sit om goed te kan optel.

11.9. Micha wil ’n Robot-arm bou.

11.10. Die Vuilhonde het opgedaag.

**HOOFSTUK 12**

12.1. Bees het dit onder hulle aandag gebring.

12.2. Die inskrywingsvorms is van laas week af op die robotika-webwerwe beskikbaar.

12.3. Dit verwys na wetenskaplikes wat fauna en flora in grotte bestudeer.

12.4. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

12.5. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

12.6. Meneer Barnard kondig aan dat hulle grotbotte gaan bou sodra hul Lego-robotte klaar is.

12.7. Micha is baie sensitief vir reuke en Bees ruik nie baie lekker nie.

12.8. Bees dreig om vir Gracie te vergiftig.

12.9. Hy sal nie vir Gracie kan vergiftig nie aangesien Gracie slegs uit Micha se hand eet.

12.10. Dit is die eerste keer dat sy Dewald sien lag.

**HOOFSTUK 13**

13.1. Die spreekwoordelike "groen monster" verwys na jaloesie.

13.2. Perdry, atletiek en swem

13.3. Edward het die motor bestuur. Hy het slegs 'n leerlinglisensie gehad. 'n Koedoe het voor die bakkie ingespring en die bakkie het gerol.

13.4. Ja, 'n persoon mag met 'n leerlinglisensie bestuur mits hy/sy van 'n persoon met 'n geldige rybewys vergesel word.

13.5. Sy ma het tydens die motorongeluk gesterf.

13.6. Sy moes Micha voorberei het en ook vir hom gesê het in watter span hy is.

13.7. Micha is in die Rooi Span.

13.8. Hy gaan die 1500-meter vir seuns onder 16 hardloop.

13.9. Maak oogkontak: mense dink jy is skelm wanneer jy wegkyk
Luister!: jy praat mense sommer dood
Wag vir jou beurt: anders dink mense jy is ongeskik
Groet voordat jy loop: anders dink mense jy het swak maniere
Moenie onderwysers dom laat voel nie: hou soms net jou mond, al ken jy die antwoord
Moenie te naby aan mense staan wanneer jy praat nie: verkieslik 'n armlengte
Moenie vir mense sê hulle ruik sleg nie: staan net verder weg of haal deur jou mond asem
Maak seker die persoon aan die ander kant van die foon het klaar gepraat. En sê totsiens voor jy die rooi knoppie druk
Dra jou oorfone
Dra jou donkerbril
Ignoreer die Vuilhonde
Moenie aan kos ruik wat iemand jou aanbied nie: jy is nie 'n hond nie

13.10. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**HOOFSTUK 14**

14.1. Die Blou Span

14.2. Die meisies net ballet-tutu's aan, die seuns lyk-sterk-hempies by hansworsbroeke en wilde oranje pruike.

14.3. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

14.4. Een van die Wit Span se dirigente het Micha se oorfone van sy nek afgeruk.

14.5. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

14.6. Micha sê "dit was nogal lekker".

14.7. Micha is van mening dat die Rooi Span elke punt nodig het en hy dus gaan deelneem.

14.8. Sy baanitem vind om tienuur plaas.

14.9. Dylicia voel dat Micha moet rus anders gaan die ander atlete vir hom weghardloop.

14.10. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

Tafelberg

**HOOFSTUK 15**

15.1. Die geraas het Micha oorweldig en hy het platgeval en in 'n fetusposisie gaan lê.

15.2. Sy het Gracie geroep om bo-oor Micha te gaan lê.

15.3. Meneer Barnard

15.4. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

15.5. Edward

15.6. Dink hoe jou hond voel. Sy kan nie praat nie! Kyk mooi: Is sy moeg, is sy dors, is sy honger? Jy kan nie net aan jouself dink nie.

15.7. Hy het na Bach se musiek op sy oorfone geluister.

15.8. Die komponis Johann Sebastian Bach.

15.9. Edward en Felicia (Dylicia se ma)

15.10. Hy het die 1500-meter vir seuns onder 16 gewen en ook 'n nuwe rekord opgestel.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 16

16.1. Chuck Norris is ’n bekende akteur wat veral in aksiefilms speel.

16.2. Dylicia sê vir Micha dat hy nie groot kop moet kry nie.

16.3. Dewald, Henco en Simone

16.4. Simone het ook saam met die Vuilhonde agter die sportsaal uitgekom.

16.5. Dewald waarsku vir Micha om nie stories aan te dra nie.

16.6. Die Nederlandse skilder Vincent van Gogh.

16.7. Hy wil hê Micha moet aan die 800-meter wedren deelneem.

16.8. Die name van die leerders wat agter die sportsaal gerook het.

16.9. Die name van die rokers is op die stukkie papier wat steeds in doktor Papenfus se hand is. Dit gaan groot moeilikheid veroorsaak vir Micha.

16.10. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

Tafelberg

## HOOFSTUK 17

17.1. Sy hoef nie na Micha om te sien nie en het ’n baie uitputtende week gehad.

17.2. Edward benodig permanente versorging; dus woon hulle saam met hom en sy pa.

17.3. Micha

17.4. Hy het vir Edward die robot-arm gebring wat hy gemaak het.

17.5. Hy is ’n mynigenieur wat gereeld in die Kongo werk.

17.6. Edward se pa ontspan en wys sy sagte kant teenoor sy seun. (Enige relevante antwoord.)

17.7. Hy kan nou self sy koffiebeker vashou met die robot-arm wat Micha ontwerp het.

17.8. Edward is 22 jaar oud. Hy was 17 toe die motorongeluk plaasgevind het. Op bl. 104 noem hy dat hy nou vir die eerste keer in vyf jaar uit ’n grootmensbeker kan drink.

17.9. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

17.10. **Onwaar**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## HOOFSTUK 18

18.1. Sy onderrig Engels.

18.2. Hy is die skoolhoof.

18.3. Dylicia, Micha, Bees, Henco, Dewald en Kalla

18.4. Die skool gaan een robot borg sodat hulle aan die GrottoBot-kompetisie kan deelneem.

18.5. Dit sal hulle leer om reëls te volg, breingimnastiek vir die tienerbrein wees, hulle leer om beter te kommunikeer en dit is ook ’n groot gelykmaker.

18.6. Hy is baie opgewonde.

18.7. Hulle is kwaad omdat hulle nie wil dans nie en veral nie op ’n Vrydagmiddag nie.

18.8. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

18.9. Hulle het gerook, vandalisme gepleeg en ook boeliegedrag getoon.

18.10. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

## HOOFSTUK 19

19.1. Mevrou Malan

19.2. Sy moet haar man by die kliniek gaan haal.

19.3. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

19.4. Die Franse staatsman en militêre leier Napoleon Bonaparte

19.5. Die letters van die skool se naam wat verwyder is.

19.6. Sy probeer aan hom verduidelik dat die skool nie wil hê dat hy stories moet aandra nie.

19.7. Hy moet dit in sy ma se stoorkamer gaan sit.

19.8. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

## HOOFSTUK 20

20.1. Micha het die letters en die gomgeweer in sy ma se klaskamer gaan haal.

20.2. Jy is die middelpunt van ’n persoon se bestaan.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

20.3. Hulle plak die letters weer vas waar dit verwyder was.

20.4. Sy wil vir Micha leer om nie te klik nie.

20.5. Hy hou Dylicia se hand vas en hy glimlag vir haar.

20.6. Hy terg vir Micha omdat hy Dylicia se hand vashou.

20.7. Micha het geleer dat ’n mens soms ’n geheim moet hou.

**HOOFSTUK 21**

21.1. Rodney is die dansinstrukteur wat die baldansklasse aanbied.

21.2. Hulle wil leer dans aangesien hul binnekort hul matriekafskeidsfunksie het.

21.3. Dewald het met Dylicia gedans.

21.4. Ja, hy geniet dit terdeë om te dans en sê dat dit maklik is om te dans.

21.5. Hy het amper vir mevrou Koen vertel van die letters wat hulle vasgeplak het.

21.6. Dewald besef dat Micha nie die Vuilhonde gaan verraai nie.

21.7. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 22**

22.1. Die seuns spandeer baie tyd saam en sy voel sy word nie meer betrek of benodig om Micha te help nie.

22.2. **Micha**: Hy gee instruksies.
**Kalla**: Hy doen die fyn detail aan die kamera.
**Bees en Henco**: Bou, sweis en draai skroewe in.
**Dewald**: Programmeer

22.3. Edward verduidelik vir Dylicia dat dit die grotman in hulle is. Die seuns is nou bloedbroers.

22.4. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

22.5. *The Curious Incident of the Dog in the Night-Time*

**HOOFSTUK 23**

23.1. Die kompetisie vind na die kort Oktobervakansie plaas.

23.2. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

23.3. Dylicia

23.4. Hulle moet weet hoe ver die afstandbeheerder werk. Hulle moet oefen om die robot te laat omdraai in ’n tonnel. Hulle moet die ligte en die kamera in die donkerte toets.

23.5. Dewald stel voor hulle moet dit op ’n mynhoop gaan toets.

23.6. Hulle gaan die robot in die parkeergarage van ’n konstruksieterrein toets.

23.7. Dylicia moet sy en Henco se gedigte vir hulle skryf.

23.8. Sy pa speel poker.

23.9. Sy moet aan Bees en Henco se gedigte werk.

23.10. Nee

23.11. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 24**

Tafelberg

24.1. Leonard kuier by Edward.

24.2. Sy het saam met ’n vriendin gaan fliek.

24.3. Sy kon nie saam met die seuns gaan om die robot te toets nie.

24.4. Sy gaan soetsappige gedigte skryf.

24.5. “Vanilladroom”

24.6. Micha beantwoord nie sy telefoonoproepe nie.

24.7. Sy voel skuldig dat sy vir Micha geleer jok het en om geheime te hou.

24.8. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

**HOOFSTUK 25**

25.1. Hulle moet met sy bussie ry sodat almal kan saamry wanneer hulle hul opspoor.

25.2. Hulle ry na die konstruksieterrein oorkant die skool.

25.3. Daar is vlymskerp lemme en ’n lelike kroon van ses elektriese drade bo-op die hek.

25.4. Haar ma is bygelowig en glo swart katte is draers van doodstydings.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

25.5. Dylicia stel voor hulle moet Bees se pa gaan haal.

25.6. Sy kruip onder die heining deur by ’n gat wat Gracie gegrawe het.

**HOOFSTUK 26**

26.1. Die motor se domkrag, ’n noodhulptassie, ’n rol tou en ’n flits.

26.2. Sy wonder hoe Micha op die reuk sal reageer.

26.3. Hy is baie sensitief vir geure soos toiletsproei en parfuum.

26.4. Die spore van die robot, Freakster.

26.5. Sy staan by ’n donker gat in die betonvloer.

**HOOFSTUK 27**

27.1. Die seuns het ’n baan van planke en sementsakke gebou.

27.2. Sy het verwag dat hulle beseer sou wees.

27.3. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

27.4. Sy het vir die Vuilhonde by die skool gewag en aangedring om saam met hulle te gaan alhoewel Henco nie ten gunste daarvan was nie.

27.5. Henco

27.6. Sy het saam met die Vuilhonde gaan rook, skool gebunk, Micha gesmeek om vir mevrou Koen te vra of sy ook baldansklasse kon bywoon sodat sy met Henco kon dans. Sy het selfs dramaklub opgegee om saam met die Vuilhonde by die robotklub rond te hang.

27.7. Sy het vir haar ma gesê dat sy by die Dramaklub gaan wees.

**HOOFSTUK 28**

28.1. Dylicia huil omdat een van haar haaspantoffels se oog weg is.

28.2. Sy moet belowe dat sy nie sal tou opgooi met Micha nie en dat sy saam met die span aan die GrottoBot-kompetisie moet deelneem.

28.3. Hulle voel deel van ’n groep en word nie meer as randfigure beskou nie.

28.4. Hy nooi haar na sy troue toe.

28.5. Hulle het mekaar op hoërskool ontmoet.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

28.6. Dewald vra vir Dylicia of sy weer vir hom die cha-cha sal wys.

28.7. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

## HOOFSTUK 29

29.1. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

29.2. Dit verwys na die Vuilhonde. (Dit was die titel van ’n bekende reeks boeke oor ’n groep seuns wat in ’n bende was geskryf deur Topsy Smith.)

29.3. Topsy Smith

29.4. Micha

29.5. Micha sien baie uit na die middag se dansles.

29.6. Dit is die naam van hulle Grotbot.

29.7. Henco het hom gestuur om vir Dylicia te vra om vir hom pienk melk by die snoepie te koop.

29.8. Leerder se eie opinie. (**Bespreek in die klaskamer.**)

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## KRITIESE REAKSIE OP LITERÊRE TEKSTE: LITERÊRE OPSTEL

**VERRYKING (Nie verpligtend vir graad 8 en 9 nie.)**

**(Die literêre opstelvraag is van toepassing op leerders in graad 10-12)**

Onderwysers kan leerders voorberei vir die beantwoording van 'n langer tipe vraag aangesien daar in die **VOO-fase** van leerders verwag sal word om literêre opstelvrae gebaseer op 'n letterkundige teks te kan beantwoord.

- Moedig leerders aan om 'n **kopkaart** te maak.
- Beklemtoon die belangrikheid van **paragrawe**.
- Leerders moet altyd 'n **inleiding** en **slot** skryf.

| P | V | I |
|---|---|---|
| • **PUNT**<br>• Die leerder maak 'n stelling. | • **VERKLAAR**<br>• Die leerder **verduidelik** die punt (stelling) wat gemaak word.<br>• Gebruik **WANT** of **OMDAT**. | • **ILLUSTREER**<br>• Bewys die verklaring uit die roman (Gee 'n **voorbeeld**.) |

**Moontlike literêre opstelvrae gebaseer op Christien Neser se roman *Absoluut Einstein*.**

Tafelberg

**VRAAG 1**

Micha ondergaan **karakterontwikkeling** deur die loop van die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy dié stelling bespreek.

**VRAAG 2**

**Vriendskap** is een van die deurlopende temas in die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Dylicia se verskillende vriendskappe bespreek.

**VRAAG 3**

Dylicia ervaar **innerlike konflik** deur die loop van die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Dylicia se innerlike konflik bespreek.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE OPSTELVRAE: MEMORANDA

**Die volgende nasienriglyne is gebaseer op die VOO-fase.**

**Riglyne vir die nasien van literêre opstelvrae:**

- Leerders word nie gepenaliseer indien die opstel korter as die verlangde lengte is nie.
- Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete.
- Die nasienriglyne is slegs ’n riglyn. Ander relevante inhoud moet as korrek beskou word.
- Gebruik die voorgeskrewe rubriek (opstelvraag: roman) om die literêre opstelvraag na te sien. (**Departement van Basiese Onderwys**)

**Die punt uit 25 word soos volg toegeken:**

1. **Inhoud (15 punte):** Interpretasie van die onderwerp, diepte van die argument, verantwoordbaarheid en insig in die teks.
2. **Struktuur en taal (10 punte):** Struktuur, logiese vloei en aanbieding, taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel.

| | Aantal woorde |
|---|---|
| Graad 10 | 300-350 |
| Graad 11 | 350-400 |
| Graad 12 | 400-450 |



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## VRAAG 1

Micha ondergaan **karakterontwikkeling** deur die loop van die roman.

Skryf ’n opstel van **300-350 woorde** waarin jy dié stelling bespreek.

**Die leerder bied ’n gepaste inleiding aan.**

- Micha se eerste ontmoeting met Dylicia in doktor Papenfus se kantoor is ’n katastrofe. Hy word oorweldig deur die harde geluid van die skoolklok wat lui. Aanvanklik is doktor Papenfus en Dylicia skepties of Micha in Parkrand Hoërskool sal kan funksioneer en aanpas.
- Aanvanklik sukkel Micha om vriende te maak met die ander leerders aangesien hulle hom as ‘anders’ en ‘vreemd’ beskou. Boonop dra hy ’n sonbril en bring sy hond, Gracie, saam skool toe.
- Micha word gereeld deur die Vuilhonde getreiter. Bees dreig dat hy Micha se pa en die skool sal hof toe sleep indien Gracie hom sou byt. Later in die roman dreig hy selfs om Gracie te vergiftig. Micha staan egter sy man en laat hom nie deur Bees intimideer nie.
- Micha slaag egter daarin om stelselmatig by die skool aan te pas. Kalla nooi hom om by die Roboklub aan te sluit. Hy raak dus betrokke by die klub en begin sodoende vriendskappe smee.
- Micha se deelname aan die kleuresportdag bewys dat hy meer selfvertroue het om tussen mense te wees en as deel van ’n span te funksioneer. Boonop ontwikkel hy meer selfvertroue en deursettingsvermoë.
- Micha maak ook vriende met Edward alhoewel hul eerste ontmoeting effens gespanne was.
- Sy deelname aan die baldansklasse toon ook karaktergroei aangesien hy leiding neem en ’n voorbeeld vir sy klasmaats stel om deelname aan te moedig.
- Die feit dat Micha daarin slaag om nie die Vuilhonde te verkla oor die vandalisme wat hulle gepleeg het nie dui op groei en karakterontwikkeling.
- Sy deelname aan die GrotBot-kompetisie is die hoogtepunt van sy karakterontwikkeling aangesien Micha vir die eerste keer in sy lewe deel van ’n groep (bende) is. Hy word uiteindelik aanvaar vir wie en wat hy is.
- Aan die einde van die roman is Micha baie minder afhanklik van Dylicia se hulp. Laasgenoemde dien as bewys dat Micha karakterontwikkeling getoon het.

**Die leerder bied ’n gepaste slot aan.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

**VRAAG 2**

**Vriendskap** is een van die deurlopende temas in die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Dylicia se verskillende vriendskappe bespreek.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

- **Micha** – Dylicia se vriendskap met Micha ontwikkel geleidelik. Aanvanklik word sy deur doktor Papenfus gevra om as Micha se mentor op te tree, maar ten spyte van Micha se outisme ontstaan daar tog 'n vriendskap tussen Micha en Dylicia. Dylicia is egter aan die einde van die roman teleurgesteld dat Micha nie meer so afhanklik van haar is as vantevore nie. Sy besef egter mettertyd dat dit vir beide van hulle goed is aangesien sy nou meer tyd het om met haar beste vriendin, Simone, deur te bring.
- **Edward** – Dylicia en Edward het 'n baie spesiale vriendskap aangesien Dylicia en haar ma saam met Edward en sy pa in hul huis woon. Dylicia help om Edward te versorg. Hy is altyd bereid om na haar klagtes en probleme te luister en haar van raad te bedien waar nodig. Beide partye baat by die vriendskap aangesien hulle mekaar onderskeidelik fisiek en geestelik ondersteun.
- **Kalla** – Dylicia het 'n effens komplekse vriendskap met Kalla aangesien hy 'n lid van die Vuilhonde is. Kalla is egter nie so onsensitief soos Dewald, Henco en Bees nie en Dylicia sien dit in sy karakter raak. Sy herinner hom daaraan dat hy nie so ongevoelig soos sy maats is nie en van beter behoort te weet. Ten spyte daarvan het hul 'n goeie verhouding met mekaar.
- **Simone** – Simone is Dylicia se beste vriendin. Vandat Dylicia tot die Verteenwoordigende Leerlingraad verkies is, het sy nie meer baie tyd om met Simone te spandeer nie. Gevolglik ly hul vriendskap effens skipbreuk en is Simone afstandig en kil teenoor Dylicia. Aan die einde van die roman besef Simone egter dat sy nie deel van die Vuilhonde se bende sal wees nie en word haar vriendskapsband met Dylicia hervat. Die twee vriendinne vorm 'n hegte band soortgelyk aan die band wat daar tussen die lede van die Vuilhonde bestaan.
- **Dewald** – As leier van die Vuilhonde is Dewald aanvanklik nie Dylicia se gunstelingklasmaat nie. Hul verhouding is baie gespanne. Dylicia herken egter 'n sagter en meer gemoedeliker aspek van Dewald se persoonlikheid en hulle vind aanklank by mekaar tydens die verpligte bladansklasse wat hulle moet bywoon. Aan die einde van die roman vra Dewald haar of hy weer met haar by die baldansklas kan dans. Die suggestie van 'n moontlike romantiese verhouding word dus by die leser geskep, alhoewel dit ook aandui dat Dylicia en Dewald nie meer vyande is nie.
- **Vulhonde** – Die Vuilhonde is gemeen met Dylicia en terg haar gereeld. Mettertyd leer hulle mekaar egter beter ken en ontwikkel daar tog 'n vriendskapsband tussen Dylicia en die lede van die Vuilhonde. Dylicia voel byvoorbeeld jammer vir Bees wanneer hy natgesweet is tydens die baldansklasse. Aan die einde van die roman het hul beter bevriend geraak en is die verhouding tussen Dylicia en die Vuilhonde nie meer so gespanne nie.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**VRAAG 3**

Dylicia ervaar **innerlike konflik** deur die loop van die roman.

Skryf 'n opstel van **300-350 woorde** waarin jy Dylicia se innerlike konflik bespreek.

**Die leerder bied 'n gepaste inleiding aan.**

- **Die Esselenbeurs**: Dylicia word deur doktor Papenfus versoek om Micha te help om by Parkrand Hoërskool in te skakel. Na die insident in doktor Papenfus se kantoor waartydens Micha vir die skoolklok geskrik het, twyfel Dylicia of sy kans sien om as Micha se mentor op te tree. Sy voel egter skuldig en boonop word die Esselenbeurs as wortel voor haar neus rondgeswaai. Sy besef dat haar ouers se finansiële posisie dit noodsaak dat sy die Esselenbeurs moet ontvang en word sy nie met veel van 'n keuse gelaat anders as om Micha se mentor te wees nie.
- **Dylicia word uitgesluit omdat sy vroulik is**: Dylicia is die enigste meisie in die Roboklub. Die seuns stoot haar egter eenkant toe en sy word nie as 'n lid van hul vriendekring beskou nie. Wanneer sy saam met die seuns aan die GrotBot-kompetisie gaan deelneem, betrek hulle haar nie wanneer hulle hul robot in 'n kelder gaan uittoets nie. Dit stel haar teleur aangesien sy nie 'n lid van hul 'bende' beskou word nie. Aan die einde van die roman berus sy haarself in die feit dat die seuns hul eie dinge sal doen en besluit sy om eerder haar vriendskap met haar beste vriendin, Simone, te versterk.
- **Haar vriendskap met Simone**: Nadat Dylicia tot die Verteenwoordigende Leerlingraad verkies is, het haar vele verantwoordelikhede as leier haar in 'n moeilike posisie geplaas. Sy kon nie meer baie tyd tydens skooltyd met haar beste vriendin deurbring nie. Dit het haar gepla aangesien sy kon sien en aanvoel hoe ongelukkig Simone hieroor gevoel het elke keer wanneer Simone haar oë vir haar gerol het. Gelukkig kon sy daarin slaag om haar vriendskapsbande met Simone aan die einde van die roman te versterk toe sy tot die besef gekom het dat sy nie as lid van die Vuilhonde aanvaar sou word nie.
- **Dylicia se verhouding met Micha**: As Micha se mentor moes Dylicia talle uitdagings trotseer. Sy is gereeld met 'n skuldgevoel oorval wanneer sy nie daarin kon slaag om Micha teen die ander leerders te beskerm nie. Sy voel byvoorbeeld baie skuldig toe sy vergeet het om Micha in te lig dat hy die volgende dag aan die kleuresportbyeenkoms moes deelneem. Aan die einde van die roman het Dylicia ook gemengde gevoelens oor die feit dat Micha nie meer soveel op haar hulp en ondersteuning staatmaak nie. Weens die ondersteuning van Edward en Leonard slaag sy egter daarin om berusting te vind en eerder op haar vriendskap met Simone te fokus.

**Die leerder bied 'n gepaste slot aan.**



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

## WOORDVERKLARINGS (Sien HAT)

| WOORD | BLADSY | BETEKENIS |
|---|---|---|
| **spektakel** | **1** | Iets wat ’n groot verleentheid raak of snaaks/belaglik lyk |
| **vandalis** | **16** | Persoon wat iets doelbewus verniel |
| **parapleeg** | **40** | Iemand wat die gebruik van albei sy/haar bene verloor het |
| **savant** | **47** | Geleerde (Spesifieke begaafdheid by sommige outiste) |
| **psigopaat** | **47** | Iemand met ’n persoonlikheidsafwyking gekenmerk deur aggressiewe, perverse, kriminele of amorele gedrag sonder enige gevoel van berou of empatie |
| **skisofreen** | **48** | Lyer aan skisofrenie (langdurige psigotiese afwyking gekenmerk deur ’n ineenstorting van die verhouding tussen denke, emosie en gedrag, wat lei tot onlogiese denkpatrone, verstandelike fragmentasie, hallusinasies en onvanpaste optrede |
| **kardoesie** | **64** | Papiersakkie |
| **speleoloog** | **68** | Ontdekker of bestudeerder van die fauna en flora van grotte |
| **roset** | **74** | Roosvormige versiering van lint of papier veral as teken dat die draer tot een of ander groep behoort |
| **makaber** | **83** | Huiweringwekkend; grieselrig |
| **vlakhaas** | **88** | Haas wat van die vlaktes hou met ’n grys rug, wit pens en rooierige bene |
| **grimas** | **90** | Grynsende, suur gesig |
| **vernuftig** | **103** | Behendig of vindingryk |
| **muishond** | **111** | Roofdiertjie; swart-en-wit gestreepte stinkmuishond wat in tyd van nood uit die kliere onder die stert ’n walglike stank versprei |

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

| | | |
|---|---|---|
| **liddoring** | **114** | Pynlike, harde verdikking van die vel aan jou voet, veral op ’n toon |
| **beteuterd** | **117** | Verleë; uit die veld geslaan |
| **paloeka** | **125** | Onbekwame, onbeholpe persoon (veral ’n bokser wat nie op standaard is nie en gereeld verloor) |
| **vertedering** | **130** | Versagtende; gevoelige |
| **begeester** | **134** | Met geesdrif vervul |
| **domkrag** | **155** | Werktuig om ’n swaar voorwerp met weinig kraginspanning op te lig |

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## AKTIWITEITE VIR VERRYKING

1. Verdeel die klas in twee groepe. Die leerders moet die volgende onderwerp **debatteer**: Is Henco se siening dat die grotbotkompetisie nie vir meisies geskik is nie geregverdig?

2. Moedig **leesgierige leerders** wie se leesvermoë op ’n gevorderde vlak is aan om Annelie Botes se roman *Raaiselkind* (2001) te lees. (Dié roman bied ’n interessante blik op die lewe van ’n gesin wat met ’n outistiese seun hul alledaagse gang moet gaan.)

3. Die film *Raaiselkind* bied ’n insiggewende perspektief op outisme. Die film het egter ’n **ouderdomsbeperking van 16** en die onderwyser moet eers die ouers/voogde se toestemming kry indien hul beplan om die film aan die leerders te vertoon.

4. Verdeel die klas in groepe. Elke groep moet ’n **plakkaat** of PowerPoint-aanbieding maak waarin hul die gemeenskap oor outisme moet inlig. Die groepe moet dus navorsing oor outisme gaan doen en dit met die klas / skool kom deel.

5. Nooi ’n kenner op die gebied van outisme om met die leerders te kom gesels en hul kennis oor outisme sodoende uit te brei.

6. **Rolspel**: Die leerders kan in groepe verdeel word en ’n rolspel as ’n mondelinge aktiwiteit aanbied waarin hulle ’n toneel in die roman opvoer.

7. Skryf ’n **beskrywende opstel** waarin jy ’n dag in die lewe van ’n outis vanuit sy/haar perspektief beskryf.

8. **Resensie**: Nadat die leerders die roman gelees het, moet elke leerder ’n resensie van die roman vir die skoolkoerant skryf.

9. Laat die leerders **navorsing doen oor grotbotte**. Elke leerder moet ’n skets maak waarin hy/sy sy/haar eie grotbot ontwerp. Die skets moet vergesel word van ’n paragraaf waarin die werking van die grotbot verduidelik word.

10. Dit is algemene kennis dat boeliegedrag by alle skole plaasvind. Verdeel die klas in groepe of pare. Elke groep of paar moet ’n **plakkaat** ontwerp waarin leerders aangemoedig word om boeliegedrag te verwerp.

11. **Mondeling**: Is dit nuttig om baldans as buitemuurse aktiwiteit by skole aan te bied?

12. Nooi ’n **gasspreker** uit om met leerders te kom gesels oor die lewe van ‘n parapleeg.

13. Skryf ’n **argumenterende opstel** waarin redes uiteengesit word waarom skole meer toeganklik vir gestremde leerders gemaak moet word.

14. Is inklusiewe onderwys realisties in Suid-Afrikaanse skole? Skryf ’n **argumenterende opstel** waarin die onderwerp bespreek word.



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## LITERÊRE GLOSSARIUM

**Die KABV (2011:94-102) beklemtoon die volgende belangrike literêre asook nie-literêre terme waarvan die onderwyser en leerder kennis moet neem.**

**denotasie** (teenoorgestelde van *konnotasie*) **–** dit wat die begripsinhoud weergee of saamvat, die letterlike betekenis van 'n woord of uitdrukking

**dramatiese ironie –** 'n vorm van kontras; die karakter is onbewus van die ware toedrag van sake, terwyl die leser / toeskouer / ander karakters weet wat werklik plaasvind. Dié ironie verhoog (of ontlont) spanning, genot en gehoordeelname

**eksplisiet** (in teenstelling met *implisiet*) **–** betekenis wat duidelik of direk gestel word

**esteties –** betreffende die skoonheidsin; staan in verband met sensitiwiteit en waardering vir die skone soos die skoonheid van taal of die blywende waarde van tekste

**evalueer –** om 'n opinie te vorm, 'n oordeel te vel oor 'n teks

**geïmpliseerde betekenis –** betekenis wat gevolgtrekking inhou of toelaat; betekenis wat nie eksplisiet in die teks uitgedruk word nie

**genre –** 'n soort letterkunde, bv. drama, kortverhale, gedigte, roman, volksverhale / folklore

**gevolg –** die resultaat van handeling / gebeure of 'n aksie

Tafelberg

**herlees –** 'n leesstrategie wat die leser nog 'n kans gee om 'n uitdagende teks te verstaan

**herformuleer –** 'n leesstrategie waarvolgens die leser die betekenis van 'n gelese gedeelte mondelings of skriftelik oorvertel, verkort of opsom

**huistaal** die taal wat kinders eerste aangeleer het deur by die huis en / of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; dit is die taal "waarin 'n mens dink"
**implisiet** (teenoor *eksplisiet*) **–** dit wat nie direk in 'n teks gestel word nie, maar wel afgelei kan word

**inklusiwiteit –** die beginsel om onderwys toeganklik vir alle leerders te maak, ten spyte van hul leerstyl, agtergrond en vermoëns; neiging om in te sluit, te omvat, op te neem

**intrige –** verwikkelde situasie wat 'n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (verwikkeling)

**ironie –** woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel; omstandigheid of stand van sake wat die teenoorgestelde is van wat 'n mens kon verwag het



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers

**karikatuur –** ’n oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter en wat die spot dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur

**klimaks** (ook *hoogtepunt*) **–** die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die storie. Hierdie belangrike deel is nie noodwendig aan die einde van die verhaal nie.

**konflik –** stryd; botsing; worsteling; die stryd wat tussen karakters of individue of groepe en hul omstandighede ontstaan; konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan

**konnotasie –** wat gesuggereer word deur ’n woord of ding, dieperliggend as die letterlike of eksplisiete betekenis

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**kontekstuele leidrade –** ’n leestegniek om alle aanduidings of leidrade in ’n teks te gebruik om betekenis te verklaar

**kontras** (ook *antitese, teenstelling*) **–** stylmiddel waarin twee uiterstes teenoor mekaar gestel word

**kopkaarte / breinkaarte –** grafiese netwerkvoorstelling van idees of ’n onderwerp in die vorm van sleutelwoorde en illustrasies

**letterlik** (teenoor *figuurlik*) **–** die eenvoudigste, mees direkte betekenis van woorde

**literêre tegnieke –** letterkundige begrippe wat in literêre tekste gebruik word

**oorsaak –** dit wat aanleiding gee tot ’n handeling / gebeure / aksie of ’n toestand te reageer

**parafrase –** die herbewoording van ’n idee in jou eie woorde

**perspektief –** ’n karakter / verteller se standpunt / siening oor kwessies in ’n roman of drama

**retoriese vraag –** ’n vraag wat gevra word nie om iets uit te vind nie, maar vir beklemtoning, ’n mening uit te spreek of vir dramatiese effek (bv. *Weet jy hoe gelukkig jy is?*)

**samehang –** onderlinge verband, deurlopendheid, aaneenskakeling

**sarkasme –** bytende, bitter spot; minagting wat wil seermaak of skok op persoonlike vlak; dit sê wat die spreker / skrywer bedoel

**satire –** iets wat hekelend spot met die lewe; dwaashede en wanpraktyke van die mens / maatskappy word onthul of geopenbaar; ’n satiriese literêre werk het gewoonlik ’n bewustelike sosiale inslag



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

Tafelberg

**simbool –** ’n teken / voorwerp wat ’n ander saak verteenwoordig; ’n tradisionele simbool soos ’n *kruis* is as beeldspraakvorm nie net ’n afbeelding van die werklikheid nie, maar dit kry ook ’n dieper betekenis deurdat dit na iets anders verwys

**sintetiseer –** die saamvoeg van idees uit verskeie bronne; ’n duidelike opsomming van hierdie saamgevoegde idees

**sleng** (ook *slang*) **–** ’n variëteit van Afrikaans wat dikwels by jongmense, bv. studente gehoor word en nie noodwendig verkeerd is nie, bv. *Hulle het my ’n kop aangesit / Jy kan kwai bestuur*

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**stem –** dit verwys ook na die skrywer se eie persona – wie die skrywer is. As ’n mens lees of kyk, kan jy ’n indruk van die skrywer se bedoeling / voorneme kry.

**stemming –** atmosfeer of emosie in geskrewe tekste; dit toon karakters se gemoedsgesteldheid; dit verwys ook na die atmosfeer wat deur visuele, oudio en oudiovisuele tekste geskep word.

**stereotipe –** vaste (en dikwels partydige) siening oor ’n spesifieke soort persoon (bv. vrou, immigrant, priester)

**styl –** trant of manier van skryf; die unieke manier waarop ’n skrywer woorde en sinne “rangskik” om ’n bepaalde effek te verkry. Dit sluit woordkeuse, toon, asook sinslengte in.

**subintrige –** ondergeskikte verwikkelde situasie wat ’n skrywer uitdink en waarop die verhaal gebaseer is (knoop, verwikkeling)

**teks –** dit is enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie

**tema –** die sentrale idee of idees in ’n literêre werk. ’n Teks mag meer as een tema hê en dit mag dalk nie eksplisiet/vanselfsprekend wees nie.

**transaksionele skryfwerk –** funksionele skryfwerk (bv. briewe, notules, verslae, fakse)

**vergelyk** (verwys ook na *kontras*) **–** om vas te stel op watter maniere dinge eenders of verskillend is

**vluglees –** om ’n teks baie vinnig te lees ten einde ’n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, ’n druknaam van NB Uitgewers

## BRONNELYS


Botes, A. 2001. *Raaiselkind*. Kaapstad: Tafelberg.

Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.

Cloete, T.T., Botha, E. & Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM-Literêr.

Grové, A.P. 1963. *Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.

KABV (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring). 2011. (Kyk Suid-Afrika.) Departement van Basiese Onderwys. Pretoria: Staatsdrukker.

Lawrence, D. et al. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Kaapstad: Oxford.

Luther, J., Pheiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.). 2015 (1965). *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal Sesde Uitgawe*. Kaapstad: Pearson.

Neser, C. 2013. *Amper Einstein*. Kaapstad: Tafelberg.

Neser, C. 2020a. *Absoluut Einstein*. Kaapstad: Tafelberg.

Neser, C. 2020b. *Help! My kind is anders*. Pretoria: Lapa.

Scholtz, P.W. & Vorster, M.E. 2013. *Viva Afrikaans Graad 12 Huistaal*. Florida Hills: Vivlia.

Steenberg, D.H. 1985. Tyd. In: Cloete, T.T., Botha, E., Malan, C. (reds.). *Gids by die literatuurstudie*. Pretoria: HAUM Literêr.

Swaab, D. 2018. *Ek is my brein - Van baarmoeder tot Alzheimer*. Pretoria: Protea.


Tafelberg



Onderwysersgids saamgestel deur Dewald Koen, 2020. Kopiereg © Tafelberg, 'n druknaam van NB Uitgewers